

Die The

# Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

gratis/free

September 2024 Vol.23 No.1

info@bronberger.co.za / www.bronberger.co.za
012 734 0522

*Nou ook beskikbaar via WhatsApp en e-pos*

## 22 Jaar Years

## Verjaardag-uitgawe Birthday edition

# V-TEK
Castrol
AUTO SERVICE

## CAR & TRUCK SERVICE CENTRE

**Maintenance and repairs on:**
**Horseboxes • Caravans • Trailers • Tractors**

**ALL MAKES AND MODELS : VEHICLES AND TRUCKS**

## Spring Season Service Specials for September & October

| TOYOTA Fortuner/ Hilux 3.0 D4D/GD6 | FORD Ranger / Everest 2.2 / 3.2 | VOLKSWAGEN Polo / Jetta 1.4 / 1.6 | FORD Ecosport / Fiesta 1.0 / 1.6 | MAHINDRA MHAWK PIK-UP S4/S6/S10 |
|---|---|---|---|---|
| R2 650,00 | R2 650,00 | R2 450,00 | R2 450,00 | R2 650,00 |

- We do collect and deliver vehicles from and to customers' homes or offices.
- Prices include service parts and labour, but excludes 15% VAT.
- Tractor repair and maintenance on site

### Services Offered

**Routine Maintenance Services**
- Oil changes
- Major Services
- Wheel alignments
- Brake inspections and repairs
- Battery checks and replacements
- Transmission services
- Tyre rotations
- Air conditioning services

**Repair & Replacement Services**
- Engine repairs and replacements
- Transmission repairs and replacements
- Suspension and steering repairs
- Exhaust system repairs and replacements
- Electrical system repairs
- Interior upholstery
- DPF regeneration

**Complete Diagnostic Services**
- Computerized engine analysis
- Airbag System diagnostics & repairs
- Fuel system diagnostics
- Electrical system diagnostics
- Fault code reports

Schedule an appointment:
012 803 4021
071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance and repairs!




Owner and Founder: Vincenzo
"With over 30 years experience in the motor industry we are dedicated to giving excellent service at affordable prices".

www.vtekservicecentre.my.canva.site/ 012 803 4021 50 Graham Road, Shere Pretoria East
RMI miwa



**RAYTON** H/v R515 & R104, Jan Ellis Winkelsentrum
**MORELETAPARK** De Villebois Mareuilstraat 1267
**012 940 0511**
www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za

Water Pump Group
sustainable reliable solutions

PROUDLY SOUTH AFRICAN



## Professionele en omvattende watervoorsiening

• BOORGATPOMPE • SONKRAGPOMPE • DRUKPOMPE
• VSD POMPE • DOMPELPOMPE • BESPROEIINGS TOEBEHORE
• TENKS • VERVAARDIGING VAN HDPE & LDPE PYPE
• BOORGAT TOETS EN INSTALLASIES • EN ANDER WATER TOEBEHORE



**Besoek ons winkels vir al jou benodighede en professionele diens.**



INYATI DRILLING

# BOREHOLE DRILLING

***Borehole drilling utilises specialised equipment to create deep holes for geological investigations, water extraction, and mineral exploration.*** It is critical for accessing groundwater and establishing wells. Borehole drilling ensures ***sustainable water management*** and ***supports various industrial applications*** by providing access to essential resources beneath the Earth's surface.

***Benefits:***

***Access to groundwater:***
Borehole drilling provides access to groundwater resources for a variety of purposes, such as drinking water supply, irrigation, and industrial processes, ensuring reliable and sustainable water availability.

***Geological investigations:***
Borehole drilling allows geologists to study subsurface formations, assess geological risks, and identify potential mineral deposits or geological hazards.

***Construction applications:***
Borehole drilling is essential for construction projects, including foundation stabilisation, geothermal heating and cooling systems, and underground utility installations, facilitating efficient and sustainable construction practices.

012 940 0507 sales@inyatigroup.co.za www.inyatigroup.co.za

# Bronnie Bronberger

**September 2024**

**012 734 0522** / www.bronberger.co.za


**• Redaksie •**
Angie Kleijn 012 734 0522
info@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016





## Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.
Besoek www.bronberger.co.za.




Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za


Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit



**Uitgegee deur:** Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522;
Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

**Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes**
Tel: 012 734 0522

**Verspreiding / Distribution:** Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.




**Kopiereg**
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.



**Bladuitleg**
Jeanette
083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za

Vintage Graphic Designs






## Van krag tot krag

**Isabel Groesbeek van Lynnwood Glen:**
Hartlik geluk aan die mondige ***Bronberger*** / Bronnie met nog 'n herdenkingsmaand. Julle tydskrif vir die gemeenskap is vir 22 jaar 'n vriend wat gefokusde nuus na baie huise bring.
Julle fokus op sake van ekonomiese-, sosiale- en kulturele belang en fokus op die mense agter die stories is van groot waarde.
Baie dankie vir vars nuus oor en ondersteuning van gebeure in die Bronberg-omgewing en verder.
Mag julle leserstal, asook advertensieborge, steeds van krag tot krag gaan.

## 'n Lang pad saam met die Bronnie

**'Alet Erasmus van Kleinfontein:**
Ons het in 2000 Rayton toe getrek en het so twee jaar later vir die eerste keer met die Bronnie kennisgemaak.
Ek het tot 2017 'n kosprogram by Radio Pretoria (nou Pretoria FM) aangebied en so af en toe van die interessante inligting wat in ***Die Bronberger*** verskyn het, met vergunning van Gerhard en Angie Kleijn, aan my lesers voorgehou. Een van die pensketse was 'Die velletjie in die vlabeker' in die rubriek 'Ou Poon se plotpraatjies' (Augustus 2017).
So het ek ook deur 'n skrywe aan die Bronnie, na aanleiding van 'n artikel 'Digter ontsnap' – oor Jan FE Cilliers – kontak gemaak met familie. Sy dogter Marie was getroud met oom Hugo Stegmann, wat my ouma (Hester F Stegmann, getroud met TI van Wijk) se broer was.
Marie Stegmann se dogter, Elsa Coetzee, was my pa se niggie. Hulle het vir jare in die De Wildt-omgewing gewoon tot haar man Pitius oorlede is. Dié inligting wat in die briewekolom verskyn het, het daartoe gelei dat ek weer kontak gemaak het met een van my pa se niggies se seun (nou in Kleinmond).
Ek was bevoorreg dat twee van my foto's op die voorblad van twee Bronnie-uitgawes verskyn het. Vriende is ook gemaak met ander fotograwe wat gereeld hulle mooi foto's in die leserslens-rubriek deel.
Die Alfa Romeo Klub van Pretoria het ook al 'n paar keer 'n plekkie in die tydskrif gekry na afloop van ons jaarlikse uitreik na Paul Jungnickelhuis aan die einde van die jaar.
Alhoewel ek nooit vir Gerhard in persoon ontmoet het nie, het ek wel 'n keer of wat telefonies met hom gesels en deur Facebook was hy 'n goeie vriend!
***Die Bronberger*** is elke maand deel van ons en ander huishoudings met interessante en kleurryke artikels en inligting. Dit verg baie om maandeliks soveel interessante inligting in 'n publikasie te kry en daarvoor sê ons baie dankie! Elke uitgawe is uniek en ek plaas gereeld 'n ***Bronberger*** in iemand se geskenksakkie, of gee dit wanneer ek groet by familie en vriende. (Daar is altyd 'n ekstra Bronnie op my motor se agtersitplek!)
Dankie Angie en jou medewerkers vir ons kleurryke tydskrif hier in die Bronberg-omgewing!
Baie geluk met ***Die Bronberger*** se 22ste publikasie-verjaardag!

## You make us proud

**Prof dr Colin Lowe from Cullinan:**
I have been receiving and reading the Bronnie magazine for the last 22 years, since its first issue.
I am proud to be a reader, as the magazine has always issued unbiased articles on current affairs, history, religion and politics. You make us proud to be readers of your magazine.
My forefather history (in the Boer War days) was recorded in an article in the Bronnie some years ago!
May you and your staff be blessed.


briewe/letters


## Elke brokkie word verslind

**Esmé Meyer van Murrayfield:**
Ek kan nie die heuglike dag van my eerste ontdekking van die Bronnie onthou nie. Ek onthou wel hoe daardie eerste lees van 'Toeka se dae' amper letterlik my siel my ruggraat regop laat pluk het. Op aandag, penorent, net daar.
Wie is hierdie Sherlock Holmes van die verlede? Gaan daar in die volgende uitgawe nog daarvan wees? Ai, en wás daar! Hoe spreek 'n mens jou waardering uit? Oor tyd het ek ontdek dat net mooi almal so voel.
Dit was egter nie al opgewondenheid nie. Elke brokkie op elke bladsy was verslind, en is steeds. Van artikel tot nuushappie tot oog-oopmakende kontrei-advertensie het mens verryk en aansienlik 'wyser' gelaat.
Weens my eens onwetende verliese van jare se nie-besef van die Bronnie se bestaan nie, het ek met die lees van die versoek rondom volgende maand se herdenkingsuitgawe van 22 jaar, vir wat ons graag sal wil sien, dadelik geweet wat die hart begeer.
Terugblik! Wat is die kanse vir so 'n bladsy of twee, drie vanaf feesuitgawe September 2024 om elke maand daardie konneksie te maak met die ooreenstemmende uitgawe vanaf daardie eerste Bronnie in 2002, met sy klein voorblad daarby geplaas vir die sien, en 'n paar stukkies artikels van gebeure, kontrei, nuus, dit wat vir die redaksie spesiaal was?
Die Bronnie was ryk van die begin af, en wie nie misgeloop het nie, gelukkige lesers, het beslis al vergeet (die gawe ingeboude rede waarom 'n mens goeie boeke oor en oor kan lees. Jy moet die woorde weer sien om die feite en die beelde van dit wat met soveel sorg op papier neergesit is, weer te kan ervaar).
Wat nog sal ek wil sien? Dalk die nostalgie rondom mense, instansies, inisiatiewe van elke uitgawe ook, as dit moontlik sou kon wees om op te volg waar hulle nou staan en nou doen en is. Kindertjies op die voorblad, in die tydskrif, mense, besighede, beredderings; wat het in 22 jaar in die Bronbergse area gebeur?
Want een ding van ouer en wyser word, is dat ons al sterker besef hoe kosbaar dit is, wat was. En boonop, dit wat gegroei en geblom het.

## Wat die Bronnie regtig beteken

**Gerhard Van Zyl van Moreletapark:**
Noudat die Bronnie se 22ste bestaansjaar gedenk word, is dit ook aangewese dat daar gekyk word wat dit rêrig vir die gemeenskap in die betrokke "landelike leefwyse" beteken (het).
In hierdie verband maan ene Miguel de Cervantes (1547-1616) ons dat "(t)he pen is the tongue of the mind". Inderdaad! Wat dus in jou kop is of aangaan, of nie, vind bygevolg neerslag in dit wat jy neerpen (publiseer).
As ek na aanleiding hiervan lees watse "amazing" en "awesome" stof huidiglik en op hierdie oomblik in tyd (eina!) in diverse publikasies aan my (ons) opgedis word, is die gehalte van ons moedertaal vir my kommerwekkend!


*Na bladsy 6*




## Ons voorblad

Bloeisels in die skemerlig kondig 'n splinternuwe groeiseisoen aan – net betyds vir die Bronnie se 22ste lente-verjaardag. Laurika van der Linde het die foto geneem.




**Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za. Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.**










# Briewe/letters . . .

*Vanaf bladsy 5*

Die Bronnie is egter 'n welkome uitsondering. 'n Mens lees dit van voor tot agter by die "girl-friend" (the final word) met groot lekkerte, voorwaar vol wetenswaardighede, alles in keurige taal, gehalte pennevrug! Angie en haar span hou nog kop (en kop bo water). Doet so voort! Betreffende waarvan ek meer wil sien: Wat van 'n periodieke (informele) taalrubriek? Daar is mos baie bedrewe taalmense in ons midde wat met graagte sal help? Kom ons poog om te red wat daar hopelik met betrekking tot ons moedertaal nog te redde is!

## Dankie, Bronnie

**Riana Lombaard van Ballito:** So lekker om die elektroniese weergawe te ontvang. Het gou vinnig deurgeblaai en kan nie wag om rustig te gaan sit en lees nie. Twee-en-twintig jaar! Elke jaar 'n rede om trots te wees. Baie dankie! Ek sien uit na nog vele uitgawes.
**Carol Roux van die BCVO in Moreletapark:** Baie dankie vir u kosbare ***Bronberger***. Ons waardeer dit opreg dat u elke jaar die moeite doen met ons kinders se kunstalente.
**Engela Pretorius van die Bronberg-gebied:** Duisend dankies vir die elektroniese Bronnie! Ek gaan – soos altyd – dit baie geniet!
**Hendrik Ver Loren van Themaat van Zwavelpoort:** Ek is so bly dat julle nog steeds so goed doen, ook vir die gemeenskap.
**Marie Hamman van die Bronberg-gebied:** Baie dankie vir ***Die Bronberger***. Weereens 'n uitstekende en interessante uitgawe.
**Attie Pelzer van Ermelo:** Hou asseblief u goeie werk vol. Wanneer ek in Pretoria kom dan kry ek gereeld u tydskrif, wat iemand vir my bêre.
**Thys Swanepoel van Vic-Haven:** Sterkte met die gelaaide herinneringe van die feesuitgawe.
**Ernst, Ella en Joritha Lösch, voorheen van Bashewa:** Baie geluk met ***Die Bronberger*** se 22ste verjaardag. Ai, dit was altyd so lekker om te lees. Mooi loop van ons drie Lösch Mosselbaaiers.
**Lilla du Preez van Pretoria:** Veels geluk met 22 jaar, en sterkte met die uitgawe!

## Geniet elke uitgawe

**Ronéll van der Merwe van die plaas Onbekend, Welbekend-omgewing:**
Liewe Bronnie, ja ***Die Bronberger*** is spesiaal. Ons geniet elke uitgawe van dié pragtige tydskrif. Baie geluk met julle 22ste verjaardag. Seënwense vir nog vele meer. Doen só voort.
En die lente is hier . . . of is dit? Die natuur begin verander, blommeprag steek kop uit, voëllewe kry weer 'n vonk. Maar, dan kry ons 'n onverwagse koue windjie en koudheid. Dit sal ook weer oorgaan.
Lente bly tóg die mooiste seisoen. Voorspoed vir almal in hierdie nuwe seisoen.

## Hou so aan

**Louise Smith van die Moot:**
Baie dankie vir my Augustus ***Bronberger*** met sy parmantige hoenderhaan op die voorblad. Dankie vir die interessante artikel oor die Marais-gesin waarvan Eugene Marais deel was. Ek geniet julle artikels terdeë – hoogtepunt in my maand wanneer daardie boekie hier in die huis land. Hou aan met julle goeie werk, redaksie.

## Die Bronnie skitter

**Eus de Clerk van Cullinan:**
In hierdie tye van kabeldiefstal, vandalisme, *lout-riedaksjin, blêkouts, lout-sjêdieng* en swak onderhoud op die elektriese infrastruktuur, is daar darem één liggie wat altyd helder brand: ***Die Bronberger***, ons eie Bronnie. Al vir 22 jaar!
'n Mens besef nie altyd hoe moeilik dit moet wees om tei-kendatums en spertye na te kom met die alewige onderbrekings van die elektriese toevoer nie. Tog slaag die Bronnie daarin om elke maand se uitgawe betyds te versprei. Dankie, Angie en al jou hardwerkende personeel. Julle skitter soos sterre – selfs wanneer die krag af is. Lekker verjaar en voorspoed vir die volgende 22 jaar.



*As die krag af is, lees ons eenvoudig die Bronnie by kerslig*

## Uitsonderlike artikels

**Stephan Oberholzer van Zwavelpoort:**
Goeiedag Angie. Jou artikels oor ou Pretoria is uitsonderlik en baie interessant. Baie dankie! Dankie dat jy al die ou ***Bronbergers*** beskikbaar maak op julle webwerf.
Wie is Gerhard Kleijn? Sy skrywe: 'Ou Kraai is toe Stilveld toe' in die Julie-uitgawe wys hoe mooi Afrikaans gebruik kan word.
*Baie dankie vir jou mooi woorde oor artikels in die Bronnie. Gerhard en Angie het Die Bronberger 22 jaar gelede saam begin. Gerhard is op 14 April 2023 oorlede. As huldeblyk herhaal ons van sy 'Ou Poon se plotpraatjies' uit die verlede. – Red*

## A birthday letter from the archives

**A reader's letter that the late Mervyn Woodrow from Mooiplaats wrote on the occasion of the Bronnie's very first birthday edition in September 2003, will never be forgotten:**
I have been meaning for some time now to write and thank you for ***The Bronberger***, to congratulate you on the sustained quality of your magazine, to applaud your firmly independent editorial policy and to express the sincere hope that you persevere for many years to come.
I wonder if you are fully aware of your manifold achievements. As I see it you have i.a. entertained and informed, have provided a service (gratis nogal), the fruits of which cannot readily be measured, but hopefully will become increasingly appreciated in the years ahead.
You have given an identity to a diverse community – no mean achievement – and it is now up to that community to rise to the challenge and prove itself worthy.
On the occasion of your first birthday we salute you.
Keep up the good work.













# Só gaan die nuwe kampus langs die Boschkoppad lyk

Akademia se nuwe kampus-ontwikkelingsprojek langs die Boschkoppad op Mooiplaats is in Augustus bekendgestel. Bouwerk sal na verwagting in Januarie 2026 begin en die plan is om die eerste studente in Januarie 2028 in te neem.

Dié kampus sal vir 5 000 voltydse voorgraadse studente en 1 500 nagraadse studente voorsiening maak. Vier mans- en vrouekoshuise sal 1 500 studente op die kampus kan huisves.

Akademia is 'n private Suid-Afrikaanse verskaffer van hoëronderwys in Afrikaans. Dit vorm deel van die Solidariteit-beweging en is in 2011 gestig. Marthinus Visser is die besturende direkteur.

Die kampus-projek gaan die volgende insluit: lesingsale, 'n ouditorium, kapel, laboratoriums, kantoorblokke, navorsingslokale, 'n biblioteek, studentesentrum, koshuise, personeelverblyf, restaurante, 'n kafeteria, koffiewinkels, sportfasiliteite vir atletiek, rugby, krieket, hokkie, netbal, swem en binnenshuise sportsoorte. 'n Proefplaas vir die fakulteite van landbou en natuurwetenskappe word ook beplan.



*Só gaan dit op kampus lyk*
*Bron: Skermgreep van video; Akademia-kampus – argiteksvoorstelling*

## Geskiedenis

In Mei 2022 het ***Die Bronberger*** berig dat 'n grondontwikkelingsgebied dorpsbeplanningaansoek en omgewingsimpakevaluering voorheen vir 'n beoogde plek van hoër onderwys langs die Boschkoppad, naby die Boschkop-polisiestasie, ingedien is. Die Gautengse Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling (GDLLO) het reeds op 25 Julie 2011 'n omgewingsmagtiging aan die grondeienaar, Platinum Mile Investments 542 (Edms) Bpk, toegeken.

Dié magtiging het egter in 2016 verval sonder dat ontwikkeling begin is. Die applikant het toe gemeen dat daar 'n gebrek aan paaie is om die toenemende verkeer oos van Solomon Mahlangurylaan te hanteer.



*Voorgestelde landskap-argitektuur*
*Bron: Skermgreep van video; Akademia-kampus – argiteksvoorstelling*

Adéle Drake van Bokamoso Landskapsargitekte en Omgewingskonsultante het destyds gesê dat die aanvanklike aansoek teruggetrek is omdat die aansoektydbeperking verstreke geraak het terwyl Bokamoso vir bevestiging van dienste gewag het. Die aansoek-proses is in April 2022 weer aan die gang gesit, het sy gesê.

## Paaie

In Bokamoso se destydse studie is genoem dat dit nodig sal wees om GDLLO se toestemming te kry vir opgradering van provinsiale en nasionale paaie en ook vir die nuwe toegangspad tot die gebied.

***Die Bronberger*** het in Maart 2021 berig dat Mike Strange, wat toe raadslid vir wyk 101 was, gesê het dat Solidariteit, in hulle aansoek om 'n 'plek van hoër onderwys' te ontwikkel, aangebied het om die T-aansluiting van die Boschkoppad en Grahamweg (Lynnwoodwegverlenging of die M6) op te gradeer as deel van hulle infrastruktuur-bydrae.

Mike het destyds gesê dat die opgradering van dié T-aansluiting na raming ongeveer 'n miljoen rand sal kos omdat die pad herontwerp moet word. Die aansluiting is glo op die verkeerde plek en moet eintlik 'n entjie wes in Grahamweg wees om deel van die beplande K54-roete te vorm.



*Studente op Mooiplaats, waar die kampus gebou gaan word, met die Bronberg in die agtergrond*
*Foto: Akademia*



*Die omvang van die projek*
*Bron: Skermgreep van video; Akademia-kampus – argiteksvoorstelling*

## Studie

Bokamoso se studie toon dat die Boschkoppad in 'n suid-suidoostelike tot noord-noordwestelike rigting parallel met die kampus-ontwikkelingsgebied loop, ongeveer 500 meter vanaf die gebied se oostelike grens. Grahamweg loop in 'n suid-suidoostelike tot noord-noordwestelike rigting ongeveer 1,5 km vanaf die ontwikkelingsgebied se westelike grens.

Toegang tot die ontwikkelingsgebied is tans vanaf die Boschkoppad. Die roete van die onlangs goedgekeurde PWV17-deurpad sal die Boschkoppad ongeveer 2,5 km noord-wes van die studiegebied kruis.

Die roete van die voorgestelde K147 ('n provinsiale pad) raak die noordelike stuk van die studiegebied. Beide die PWV17-deurpad en voorgestelde K147, sal in 'n noord-suid rigting in die noorde van die studiegebied loop.

## Finansier

Die iendomsontwikkelingsmaatskappy Kanton is die finansierder van die Akademia-kampus. Die beplanning en strukturering van die maatskappy is in samewerking met Pallidus gedoen, 'n instansie wat in korporatiewe finansiële advies, beleggingsbankdienste en beleggingsbestuur spesialiseer.

Henk Schalekamp, besturende direkteur van Kanton, het gesê dat die kampusprojek die grootste ontwikkelingsprojek in die geskiedenis van die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap is en 'n groot historiese keerpunt is om die volhoubaarheid van hoër onderwys in Afrikaans te verseker.

Kanton het die grond op Mooiplaats aangekoop, al die voorbereiding gedoen en goedkeuring gekry om dit te laat ontwikkel. Kanton het tot dusver alles self befonds, maar om fase een, wat omtrent R1,8 miljard gaan kos, te finansier sal hulle in die volgende jaar die nodige fondse werf deur welvarende mense te nader. Lede van die gemeenskap gaan ook die kans kry om in dié Toekomsbouer-veldtog te belê. Volgens Henk sal die hele projek na raming R3 miljard kos.



*Die Mooiplaats-eiendom waar die kampus gebou gaan word*
*Bron: Skermgreep van video; Dirk Hermann*










# Tannie Willemien word 102

Tannie Willemien Wieringa van Kleinfontein het op 16 Augustus haar 102de verjaardag gevier. Sy is nog op en wakker, doen haar eie werk en geniet elke dag die dinge wat sy doen.

Op haar 100ste verjaardag in 2022 het tannie Willemien aan ***Die Bronberger*** gesê: "Ek het in Holland geleer werk en ek glo dis wat my steeds hier aan die gang hou."


Tannie Willemien is in Wageningen naby Arnhem, waar 'n groot slag in die Tweede Wêreldoorlog in September plaasgevind het, gebore.

Sy en haar twee kinders, Emma en Bennert, het in 1952 na Suid-Afrika getrek om by haar man Wybe ('n Fries) aan te sluit. Emma en haar man Klaus is deesdae in Duitsland en Bennert en sy vrou Dee in Amerika.

Tannie Willemien is ook trots op die Hummel-kruisiesteek borduurwerk wat sy doen sedert sy in 1952 in Suid-Afrika aangekom het.



*Van links na regs: Maria De Carvalho; Leonie Wandrag; tannie Willemien Wieringa; en Johnny De Carvalho*
*Foto: Helen White*



*Willemien Wieringa op haar 102de verjaardag*
*Foto: Annetjie Coetzee*







# More about mammograms

We spoke to Dr. Herman Fourie, specialist cancer screening Radiologist and owner of Breast-and-Bone Radiology in Pretoria.

## What is a mammogram?

A mammogram is an X-ray image of the inside of the breast. This specialized imaging allows us to detect breast cancer before it can be felt by you or your doctor. While mammograms are not always 100% precise, they remain the best tool available for early breast cancer detection. Finding cancer early increases your treatment options and significantly improves your chances of full recovery.

## What is a 3D mammogram?

A 3D mammogram, also known as breast tomosynthesis, is the most advanced form of mammography available today. It captures multiple images of the breast from different angles and reconstructs them into a 3D image. As radiologists, we can scroll through these images to examine the breast tissue in detail, identifying both normal and abnormal structures. At Breast-and-Bone Radiology, we use this 3D technology because it is more effective in detecting breast cancer than traditional 2D mammography.

## When should you get a mammogram?

International guidelines recommend breast cancer screening for women starting at age 40. Cancer screening experts agree that having a mammogram every two years from this age significantly reduces mortality rates. However, based on my 20 years of experience specializing in mammography, annual mammograms save even more lives. It's important to discuss your individual breast cancer risk with your primary care doctor, GP, or gynaecologist to determine the best time to start screening.

## How does a 3D mammogram work?

During the procedure, a specially trained mammographer will guide you. You will stand upright, facing the 3D mammography machine. It's advisable to wear a two-piece outfit, as you will need to undress from the waist up. We provide wrap-around garments for your comfort. During the procedure, a clear surface will gently compress your breast for a few seconds while the images are taken. This helps spread the breast tissue to obtain the clearest images. While you may feel some pressure during compression, tomosynthesis is generally painless. Two images of each breast will be captured, and the entire procedure will take about 15 minutes.


## Is a mammogram safe?

The benefits of mammography far outweigh any potential risks from radiation exposure. The amount of radiation used in a 3D mammogram is very low, even less than the annual radiation exposure most South Africans receive from natural environmental sources.

## What will mammogram results show?

A 3D mammogram may highlight areas of concern that resemble breast cancer, though it may not detect every type of breast cancer. If any unclear or abnormal areas are found, you will be contacted within two days to return for further investigations, such as a breast ultrasound. In most cases, these follow-up tests reveal benign changes rather than cancer. You and your referring doctor will receive the written report of your mammogram results within the same week, along with any additional evaluations if necessary.

**Special tariff for a mammogram in October at all three practices (Femina, Glen Village and Thabazimbi). R1 400**








# Tierpoort-pretpark moet afgebreek word



*Só het bouwerk aan die pretpark gelyk voor die hofbevel op 29 Augustus*
*Foto: Verskaf*

Die hooggeregshof in Pretoria het op 29 Augustus beslis dat die pretpark-ontwikkeling op plot 42, Tierpoort onwettig is, dat dit nie aan die grond se titelakte voldoen nie en binne 60 dae afgebreek moet word.

In ***Die Bronberger*** se Augustus-uitgawe het ons berig dat besorgde inwoners van Tierpoort en Bashewa dié ontwikkeling op 'n 8,4 hektaar kleinhoewe, wat in Februarie aan 'n Sjinese onderneming, Ricky Gold Group Holdings verkoop is, tot halt wil roep tot hulle bewyse kan sien dat die nodige toestemmings verleen is en 'n openbare deelnameproses voltooi is.

Ons het berig dat woordvoerder vir die Tshwane-metroraad, Lindela Mashigo, gesê het dat die metro nog geen aansoek vir so 'n ontwikkeling of vir hersonering van dié landbougrond ontvang het nie.

Daar is ook nie goedkeuring verleen dat die grond vir kommersiële doeleindes gebruik mag word nie. Zwengen Shi (wat aanvanklik gesê het hy is 'n kontrakteur, Gary Shi) het vroeër gesê dat aansoeke vir onder andere eetplekke en 'n buitelugmark aan Tshwane gerig is en nog hangende is.

Die hofbeslissing op 29 Augustus lui dat geen sake-aktiwiteite in konflik met die landbou-sonering van die grond, geopen mag word nie. Die balju van die hof sal op die perseel toeslaan en die strukture op die ontwikkelaars se koste sloop, indien die strukture nie binne 60 dae afgebreek is nie.

Ricky Gold Group Holdings, Guiming Shi, Quiqiang Shi en Zwengen Shi het in 'n beëdigde verklaring ontken dat hulle 'n waterpark ontwikkel en het gesê dat dit 'n speelpark met tydelike strukture is, soos speelrame wat by feeste opgerig word.


Hulle het gesê dat die ontwikkeling nie die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur oortree nie en nie 'n nadelige impak op inwoners sal hê nie. ***Die Bronberger*** het in Augustus berig dat inwoners besorg is oor riolering en waterverbruik in 'n hoewegebied waar mense van boorgatwater afhanklik is en daar geen munisipale rioolstelsel is nie.

Inwoners is veral besorgd oor verkeer op Garstfonteinweg-verlenging. Daar is gereeld ongelukke op dié pad wat nie 'n noodbaan (geel strepe) het nie.


# Springbokke ontsnap

Springbokke het die aand van 3 Augustus en die oggend van 4 Augustus uit die Moreletakloof-natuurreservaat ontsnap en in die omliggende voorstedelike gebied op teerpaaie beland.

Dié bokkies is veilig teruggebring ná Vriende van Moreletakloof 'n WhatsApp aan vrywilligers gestuur het. Die sekuriteitsgroepe Brinant en Bull het ook ingespring om te help.



*'n Springbok in die motor se ligte*



*Brinant-sekuriteit het gehelp om dié jong springbok ná 9 nm op 3 Augustus terug in die reservaat te kry*
*Foto's: Vriende van Moreletakloof*



# Hout is klassiek, maar . . .
# DIE ANTWOORDE



**FD Maintenance spesialiseer in die herstel en behandeling van houtvensters, -deure en -rame.**

Houtvensters, deure en rame kan baie waarde en warmte toevoeg tot u eiendom, mits dit reg en gereeld behandel word. Voorkoming is beter as heling is waarlik van toepassing as dit by hierdie items kom. Hout is 'n lewendige produk, en om maksimum lewensduur te kan verseker moet 'n voggehalte van ongeveer 12% voortdurend gehandhaaf word.

Ons is sedert 1986 in die bedryf en is dus deeglik bewus van die probleme waarmee huiseienaars sit. Die gebrek aan kennis van sommige kontrakteurs skep ook 'n probleem in hierdie gespesialiseerde veld.

Verkeerde produkte soos vernis word byvoorbeeld aangewend. Hout beweeg soos seisoene verander wat uitsetting- en inkrimping meebring. Dit het tot gevolg dat vernis begin afdop. Hierdie afskilfering bring mee dat die delikate interne voggehalte versteur word. Alleenlik penetrerende oliebasisprodukte moet gebruik word. Met al die wonderlike behandelingsformules deesdae op die mark is die dae van Roulynolie ook verby. Waak egter teen te donker getinte produkte wat onnodig hitte aantrek.

Die afskuur van items kan katastrofiese gevolge inhou en word vir verskeie redes nie aanbeveel nie. Dit laat onder andere kolle en strepe agter.

Sodra 'n grys/swart kleur op die oppervlak (veral aan die onderkante begin sigbaar raak, dui dit die begin van 'n verrottingsproses aan. Dit verg onmiddelike aandag om skade te beperk.

Dit is van uiterste belang dat wanneer deure, skuifdeure en opvouskuifdeure behandel word, dit uitmekaar/ afgehaal word sodat die onder- en bokante geseël kan word ten einde vogpenetrasie te beperk. Ons vervang gereeld die onderste dele (sill) waarop die spore aangebring is van skuif- en opvouskuifdeure wat verrot het.

Dit is aansienlik goedkoper as om die hele item te vervang. In die proses word die nuwe hout aan albei kante goed geseël om die penetrasie van vog te help teëwerk. Afgesien van behandeling gaan ons eers alle items na en die nodige herstelwerk word gedoen. Vensteroopmakers word meestal afgehaal vir herstelwerk. Sodra 'n oopmaker iewers vashaak kan dit begin skeeftrek wat waterlekkasies meebring.

**Laat u probleme oor aan ons en skakel 082 440 0676 vir 'n gratis kwotasie of stuur 'n e-pos na tjaart@fdmaintenance.co.za**










# Het jy gehoor? / Have you heard?



Die FAK Familie- en Erfenisfees is op Erfenisdag, 24 September van 8:30 vm tot 3 nm in die Voortrekkersaal by die Voortrekkermonument. 'n Inligtingsessie met tema 'Die A, B, C, D, E, F, G van Genealogie' word om 11 vm gehou. Vat jou vrae en bekende leidrade en ontmoet uitstallers soos: die FAK Genealogielessenaar, die Bartmann-, Bekker-, Botha-, Claassen-, De Lange-, Dreyer-, Human-familie, die Fourie-, Malan- & Swart-familiebond, asook die Genealogiese Genootskap van SA: Gauteng-noordtak, die Hugenote Vereniging van SA en die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Koskraampies en ander erfenis-aktiwiteite kleur die dag in. Navrae: isabel@kultuurtuiste.org.za of www.genealogielessenaar.com.

• • •



Fijnwyn Innie Lente is op 28 en 29 September, daagliks vanaf 10 vm tot 5 nm, by Shokran, plot 99, Luiperdstraat, Tierpoort. Daar is veilige parkering, musiekkunstenaars wat op die verhoog optree en verskeie koskraampies. Kaartjies kos R200, sluit 'n glas en wynproe in, en is by iTickets beskikbaar. Skakel 082-335-5659 of stuur 'n e-pos: info@shokran.co.za.

• • •



Wet Nose Animal Rescue Centre's Pamper-A-Pooch day is on 28 September from 10 am to 2 pm. You'll have the joy of bathing, grooming and pampering the shelter pets, showering them with the love they need. After their spa day, why not show off their polished looks with a leisurely stroll through the dog walk park? Take a bag of dry dog or cat food. Spare towels or brushes will be appreciated. Wet Nose is at plot 75, Vaalbank on the Old Bronkhorstspruit Road (R104). Contact them at 068-328-3121 or events@wetnose.co.za.

• • •

Poësie Apteek word op Sondag 29 September om 3 nm by Wilge-teater, Hoërskool Die Wilgers, Frankweg 8, Die Wilgers aangebied. Die dag belowe lekker lag, baie gesels en baie poësie saam met




talentvolle Jak J Brits en Stiaan Bruwer. Kaartjies kos R150 en is by quicket.co.za beskikbaar.


• • •

Lyfies en Lilo's Musiekfees is op 12 Oktober by Nkwe Plesieroord, Nkweweg, Tierpoort. Kunstenaars wat gaan optree, is: Bobby van Jaarsveld, Karlien van Jaarsveld, Die Piesang-



skille, Van Pletzen, Die Heuwels Fantasties, Refentse, Tatum en Margot Rothman. Kosbediening open om 9 vm en die biertuin open om 11 vm. Die kunstenaars tree vanaf 1 nm op. Vat jou eie kampstoel saam. Kaartjies is by itickets.co.za te koop en is beperk tot 3 000. Toegangskaartjies kos R350.

• • •




'Mom and Me Moments: A Skill-Building Morning Together' is on 27 September from 9 am to 1 pm at Anja's Tea Garden, 1190 Stellenberg Road, Equestria. The event is tailored for mothers and their pre-teen daughters (ages 9 to 12). Spend a meaningful morning together in a tea garden, filled with creative activities, treats and expert-led life coaching workshops that will teach you and your daughter essential communication skills and conflict resolution strategies. Tickets cost R680 per mother-daughter pair and include all workshop materials, refreshments and take-home creations. E-mail: corlia.dpreez@gmail.com. Phone: 065-984-4866 or 071-130-1447.

• • •



'Liewe Heksie' word op 24 September om 9.30 vm en 12.30 nm by Fairtree Atterbury-teater met Phillru van Achterbergh, Ana van Achterbergh, Botha Enslin en Elizma Byleveldt aangebied. Die opvoering spring weg met 'Liewe Heksie en Botterblom'. Botterblom is Blommeland se koei wat vir al die kaboutertjies melk moet gee. Ná die pouse is 'Liewe Heksie en die Tuindwergie' aan die beurt – 'n Heksie-storie wat Liewe Heksie se skepper, Verna Vels, kort voor haar dood, spesiaal vir regisseur, Frans Swart van Lefra Produksies geskryf het. Kaartjies kos R150 by seatme.co.za beskikbaar. Die teater is in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor.

• • •



'n Tuinkuierdag word op 26 Oktober om 9.30 vm op die hoek van R515 en Naudestraat, Rayton aangebied. Gaan kuier saam en luister na 'n landskapargitek en 'n Kokkedoorsjef. 'n Protek-konsultant gaan tuinplae bespreek. Daar sal verskeie tuin-verwante en ander kraampies wees. Die dag word deur die Hervormde Kerk Premiermyn aangebied. Toegang is R200 en sluit 'n te ete kardoes in. Wees vrolik en sit 'n blomtooisel op jou kop. Daar is pryse te wen. Skakel 083-682-1252 of 083-651-6721.



# Boschkoppers boos oor bourommel



Hope bourommel ontsier die gebied
Foto's: Marilis Pieters

Boschkop-inwoners is warm onder die kraag oor maandelange rommelstorting op die hoek van die Groenpad en Boschkoppad langs Boschkop Primary School. Hulle sê dat dié storting 'n negatiewe impak op die omgewing en mense se gesondheid het en dat plaasdiere, wat plastiek ingekry het, reeds gevrek het.
Marilis Pieters sê dat sy sedert Maart verskeie e-posse met klagtes en foto's van die rommelstorting na die munisipaliteit gestuur het en dat dit telkens net na 'n volgende amptenaar aangestuur word.



Soms beland die rommel binne-in die pad



Die bou-rommel langs die pad

"As die munisipaliteit vroeg genoeg ingetree het, sou die saak nie so buite beheer geraak het nie," sê sy.
Die hoek waar die storting plaasvind val sedert 2021 in wyk 102. Raadslid vir dié wyk, Vusi E Mabena, het aan ***Die Bronberger*** gesê dat hy die storting walglik vind en hulpeloos in dié situasie voel. Hy sê dat hy dit met die skoolhoof van Boschkop Primary School bespreek het en dat dit 'n geweldige moeilike probleem is om as raadslid en skool te polisieer. Vusi het die klagtes na nog 'n klomp munisipale amptenare aangestuur.
Marilis noem dat boorgatwater dié landelike Boschkop-gebied se enigste bron van drinkwater is.
Sy sê dat die rommel wat gestort word, 'n veiligheidsrisiko is omdat chemiese stowwe in die grond opgeneem word en in waterbronne kan beland.
Volgens Marilis waai die wind plastiek vanaf die rommelhope in weivelde in en vrek beeste en skape wat die plastiek inkry. Wilde diere word ook geraak en kleiner



Een van die hope van naderby bekyk

diertjies en voëls kan in toue en draad verstrengel raak.
Marilis sê dat rommel vlambaar kan wees omdat die kombinasie van verskeie soorte afval brandbare gasse kan vrylaat wat veldbrande kan veroorsaak. Dié storting gebeur onder 'n Eskom-kraglyn en langs 'n laerskool.
Inwoners het altyd in dié gebied fiets- en perdgery. Marilis sê dat dit 'n pragtige natuurlike veld was wat nou met plastiek en bourommel gevul is – reg by die ingang na die Boschkop-kleinhoewes. Sy sê dat dit 'n direkte negatiewe invloed op eiendomswaarde het.
"Ons straat het al probeer skoonmaak, maar dit is soos om teen 'n muur vas te loop. Dit is so 'n mooi omgewing vir fietsryers en is 'n slegte indruk vir almal se ondernemings as die ingang na ons omgewing so lyk."

# Moordverdagte laat vaar borgtogaansoek

Andries Komane Sello, wat tereg staan op die aanklag van moord op die 81-jarige Dirk Kritzinger, het op 12 Augustus sy borgtogaansoek in die Cullinan-landdroshof laat vaar.
Hy staan ook tereg op aanklagte van poging tot moord (die ernstige aanval op Dirk se 77-jarige vrou, Sarie), roof met verswarende omstandighede en die besit van gesteelde eiendom.
***Die Bronberger*** het in Augustus berig dat Dirk en Sarie se dogter op 20 Julie onraad vermoed het toe haar ouers nie hulle fone geantwoord het nie. Sy het 'n vriend gevra om na haar ouers se kleinhoewe op Louwsbaken buite Cullinan te gaan. Hy het 'n ernstig beseerde Sarie daar gevind. Dirk se liggaam het in 'n plas bloed gelê. Hy het aansienlike kopbeserings gehad.
Polisiewoordvoerder, adjudant-offisier Johan van Dyk, het gesê dat 'n taakspan, bestaande uit speurders en ander lede van die Cullinan-polisie, saamgestel is om die saak te ondersoek. Inligting is van die gemeenskap ontvang en die taakspan is na Andries Komane Sello se woning in die Marikana-informele nedersetting naby Cullinan gelei. Eiendom en 'n vuurwapen, wat glo aan Dirk behoort het, is in sy woning gevind.
Dirk se gedenkdiens was op 12 Augustus by die NG Kerk Rayton, waar Sarie deur die egpaar se vier kinders en kleinkinders bygestaan is.



Dirk Kritzinger
Foto's: Verskaf











# Gebied groet geliefde Eddie

Eddie Bekker, 'n geliefde inwoner van die Rayton-distrik, is op 14 Augustus in die ouderdom van 69 jaar en 11 maande oorlede.
Edward Brown Sarel Bekker is op 26 September 1954 gebore en word onthou vir die vreugde wat hy so vrygewig met ander gedeel het.
Theunetta Schubert, eienaar van Die Hoek op Kaalfontein skryf: "Eddie Bekker, nie een van ons, jou vriende, het verwag om die woorde te hoor dat jy nie meer by ons is nie. Dit was 'n geweldige skok. Ons is dankbaar dat jy nie meer pyn het nie, maar ons gaan jou ongelooflik baie mis! Ieder en elk van ons. Jy was vir ons almal baie spesiaal, en die trane sal nog lank oor jou vloei."
Eddie was bekend as iemand wat altyd gelag het en altyd positiwiteit uitgestraal het, maak nie saak



Só het Eddie Bekker gesing

hoe sleg dinge gegaan het nie. Hy was diep betrokke by liefdadigheidsprojekte en het graag kospakkies uitgedeel. Hy het 'n besondere liefde vir kinders gehad en het dikwels as raadgewer en sielkundige vir oud en jonk opgetree. Eddie het selfs die eer gehad om 'n geliefde vriend se begrafnis te lei.
"Hy sal onthou word vir sy liefde vir sy Skepper, sy vriende, musiek, kitaarspeel en natuurlik sy passie vir karaoke en sy liefde vir 'n Tequila'tjie of 'n Jaggie. Mense het van heinde en verre gekom om saam met hom te sing en hy het altyd moed ingepraat en raad gegee oor hoe om te sing," het Theunetta gesê.
Eddie was vir 25 jaar betrokke by Die Hoek, waar hy eers as kroegman gewerk het en later die karaoke begin aanbied het. "Eddie, jy sal nooit weet hoeveel mense vir jou omgewee het nie. Mag jy in vrede rus totdat ons mekaar weer sien," sê Theunetta.
Dominee Johan Smit het die gedenkdiens op 23 Augustus vanuit die Premiermyn Hervormde Kerk op Cullinan waargeneem. Ná die diens het mense by Die Hoek bymekaargekom om Eddie se lewe te vier.



Eddie Bekker aan die stuur van sake by die karaoke
Foto's: Verskaf

# Kongres inspireer



Van die Van Riebeeck-taklede wat die Overvaal Kongres bygewoon het, van links na regs: Elizabeth Kendall, Elize Jacobs, Neva Kitching, Yolande Steenkamp, Mariëtte Minderon, Joan Prinsloo, Alda van der Merwe, Luitha de Jager, Yula Bezuidenhout, Sally Ferreira, Elma Jacobs en Rita van Niekerk

***Elizabeth Kendall***

'n Rekordgetal van 202 vrouens het die Vrouelandbou-unie Overvaal se jaarlikse kongres op 28 en 29 Augustus by Meulstroom Lodge buite Bronkhorstspruit bygewoon.
Die ledetal in Overvaal staan op 910, wat beteken dat dit in een jaar met 96 lede gegroei het.
Nege-en-dertig vrouens het die kongres vanjaar vir die eerste keer bygewoon.
'n Hele paar inspirerende sprekers het hulle kennis met kongresgangers gedeel. Annelien Pienaar, 'n voedselkonsultant, het oor kruie en speserye en 'Boerekos met 'n twist' gesels. Andries Kemp van Rolkem het 'Leef in vol kleur', 'n koekkompetisie, aangebied en Giep van Zyl, se tema was 'Praat Afrikaans, wees lief vir jou taal'.
Sandra Taljaard van Style Challenge International het 'n vrolike



Retha Coetzer, links, voorsitter van die Kleinfonteintak, ontvang hulle nuwe tak se bruidskat van Sally Ferreira, Pretoria-streekvoorsitter
Foto's: Verskaf

serpie-demonstrasie gedoen. Naas Grove, veldswerwer, naturalis, boomliefhebber en fotograaf, het gepraat oor die sterk band wat hy oor die jare met die natuur, in besonder met bome, opgebou het.
Die Woensdagaand het 'n opgewonde groep "60's geklede hippies" by die eetsaal vergader, gereed vir die aand se verrigtinge saam met 'The Staccatos'. Daar was ure se pret, musiek en smaaklike kos is geniet.
Bel Yolande Steenkamp (083-564-1616) as jy by die VLU wil aansluit.




# Unleashing Potential: The Benefits of Jiu Jitsu and Muaythai

In today's fast-paced world, finding a balanced, effective way to stay fit, sharp, and confident can be a challenge. Martial arts, particularly Jiu Jitsu and Muaythai, offer a compelling solution. These disciplines are not just about self-defence or competition; they are comprehensive systems that enhance physical fitness, mental resilience, and personal growth. Here's why incorporating Jiu Jitsu and Muaythai into your routine could be a game-changer.

## Jiu Jitsu: The Art of Leverage and Technique

Jiu Jitsu is a martial art that focuses on ground fighting and submission techniques. Its core philosophy is leveraging technique and strategy over brute strength. Here's why Jiu Jitsu stands out:

- **Self-Defence Skills:** Jiu Jitsu's emphasis on ground fighting and submissions makes it incredibly effective for real-world self-defence. It teaches you how to control and submit an opponent, regardless of size or strength.
- **Mental Toughness:** The sport is mentally challenging, requiring problem-solving skills, strategy, and resilience. Training regularly builds a strong mindset, making you more adaptable and confident in high-pressure situations.
- **Fitness and Flexibility:** Jiu Jitsu is a full-body workout that improves strength, endurance, and flexibility. Rolling (sparring) and drilling techniques help burn calories, build muscle, and increase overall fitness.

## Muaythai: The Science of Eight Limbs

Muaythai, known as the "Art of Eight Limbs," utilizes punches, kicks, elbows, and knees, making it one of the most effective striking arts. Here's why Muaythai is a standout choice for fitness and self-defence:

- **Comprehensive Striking Techniques:** Muaythai's use of punches, kicks, elbows, and knees provides a diverse and effective arsenal of strikes.
- **Cardiovascular Fitness:** Training in Muaythai is incredibly cardiovascular. The intense workouts improve heart health, increase stamina, and enhance overall fitness levels, making it a fantastic way to get in shape.
- **Discipline and Focus:** The rigorous training routines in Muay Thai cultivate discipline, focus, and mental clarity.
- **Empowerment and Confidence:** Muaythai's emphasis on striking and conditioning empowers practitioners, boosting self-confidence and promoting a sense of personal achievement and strength.

## Conclusion: A Path to Wellness and Growth

Whether you're looking to improve your fitness, boost your mental resilience, or gain self-defence skills, Jiu Jitsu and Muaythai provide a path to holistic growth. Their unique benefits extend far beyond the mat, enriching your life with discipline, confidence, and a supportive community. So, why wait? Step onto the mat, embrace the challenge, and unleash your full potential with Jiu Jitsu and Muaythai. Your journey to a stronger, more confident you starts now.

Join us for adult Jiu Jitsu and Muaythai classes, and for Jiu Jitsu classes for kids and ladies. Hope to see you soon!












# Só lyk die Voetenatmaak-wenners

Die eerste drie wenplekke in die KragDag 2024 junior entrepreneurskompetisie se Voetenatmaak-afdeling (agt tot 13 jaar) kom van-uit Laerskool Rayton.

Dié kompetisie, wat in Augustus by die Sakeliga KragDag-ekspo gehou is, bied 'n informele platform waar kinders hulle entrepreneuriese vernuf kan toets en hulle sakgeld kan aanvul. Vanjaar het die junior entrepreneurs die kans gekry om hulle idees en produkte aan meer as 34 000 besoekers bekend te stel.

Die Voetenatmaak-afdeling is 'n ligter weergawe van die Doelgerig-pakket, hoofsaaklik gerig op jonger junior entrepreneurs. Beoordeling is deur suksesvolle sakemanne gedoen en die wenners kry voortgesette mentorskap-geleenthede. Selfs in die voorbereiding vir die uitstalling was daar reeds die kans om sake-afrigtingsessies by te woon.

Die eerste plek het aan Johanko en Tanika Fourie met hulle ouma se resep vir tuisgemaakte limonade-stroop gegaan.

Elmary en Taria Coetzee het die tweede plek gekry met 'Blommetjie gedenk aan my', waar hulle pragtige blomme met bou-blokkies gemaak het.

Die derde plek het aan Mieke-Marie Fourie van 'Reënboog Salon' gegaan vir haar jelnaels en badbomme.




*Die Voetenatmaak-wenners, van links na regs: Taria Coetzee, Elmary Coetzee, Mieke-Marie Fourie, Tanika Fourie en Johanko Fourie saam met Albert van Wyk van 'Maak my 'n miljoenêr'* *Foto: Verskaf*

# KragDag wys jou wat jy self kan vermag

Meer as 34 000 besoekers het die Sakeliga KragDag-ekspo by Diamantvallei-landgoed op Rhenosterfontein van 8 tot 10 Augustus bygewoon.

Dié ekspo, wat vir die 15e keer aangebied is, het vanjaar 'n noemenswaardige uitbreiding ondergaan, met die ekspo-terrein wat van ses hektaar na byna 11 hektaar vergroot is. Dié uitbreiding het die toevoeging van nuwe afdelings moontlik gemaak, soos die vervoer-afdeling, waar besoekers die nuutste tegnologieë in padvragvervoer en alternatiewe vervoeroplossings kon verken.

Die landbou sub-ekspo, in samewerking met TLU SA, het vanjaar sy vyfde herdenking gevier met 108 uitstallers wat nuwe landbou-idees en -oplossings aangebied het.

Tuinbou-uitstallers is ook vanjaar in 'n nuwe afdeling saamgevoeg, waar vertikale planpotte, akwaponika-toerusting, kompos en saailinge te siene was.

'n Totaal van 660 ondernemings het aan dié jaarlikse ekspo, wat bekend is vir sy klem op alternatiewe energie en selfstandigheid, deelgeneem. Die ekspo het besoekers blootgestel aan 'n verskeidenheid praktiese oplossings: Van alternatiewe energiebronne, waterbesparing en veilige gemeenskappe tot gesondheidsorgalternatiewe, alternatiewe opvoedingsmetodes, infrastruktuur en konstruksie en buitelug kragtoerusting en vervaardiging.

Verskillende programme is in die Inyati-arena, Lynnridge Timbersandput, Pretoria FM Kopskuif-atteljee, Kuierkraal-verhoog, ATTSA-verhoog in die RFA-biertuin en in die skouring aangebied.



*Besoekers by die KragDag-ekspo*
*Foto: Verskaf*



AGRI STEEL
AND SUPPLIES

SEPTEMBER SPECIAL

PRICE LIST

ROOF SHEETING

| ITEM | GI | GI | GI |
|---|---|---|---|
| SPANGLE | MEDIUM | MEDIUM | MEDIUM |
| ZINC | Z200 | Z150 | Z100 |
| TYPE | IBR/ CORRUGATED | IBR/ CORRUGATED | IBR/ CORRUGATED |
| THICKNESS | 0,47 | 0,4 | 0,35 |
| HARDNESS | 85-95 | 85-95 | 85-95 |
| PRICE PER M | R70,00 | R60,00 | R50,00 |

STRUCTURES

| Width | Length | Height | Price |
|---|---|---|---|
| 9m | 29m | 3.6m | R140 000.00 |
| 12m | 29m | 3.6 | R170 000.00 |
| 15m | 30m | 4.5m | R310 000.00 |
| 15m | 60m | 5m | R550 000.00 |

Prices Exclude VAT

STRUCTURE DETAILS:

- GALVANISED LIP CHANNEL INCLUDED
- BULLNOSE RIDGING INCLUDED
- CONCRETE FOR FOOTINGS INCLUDED
- ERECTION INCLUDED
- FREE TRANSPORT IN GAUTENG
- IBR SHEETING INCLUDED

Our knowledgeable staff is here to help you choose the right materials for your specific needs.

Rikus: 076 812 1512
Martin: 082 852 2454



# Ons onthou 22 toeka-stories uit 22 jaar

Met die herdenking van die Bronnie se 22ste bestaansjaar kyk ons vlugtig terug na 22 stories oor die lief en leed van die karakters uit toeka se dae. Dié maandelikse rubriek het in September 2002 begin toe ons gevra het of iemand weet waar op Zwavelpoort 'n foto uit die Anglo- Boereoorlog geneem is.



*Ons eerste toeka-foto in September 2002*

Piet Colyn het laat weet dat die foto op die Bronberg naby die fontein op sy plot geneem is. Die fontein het in menseheugenis nog nooit opgedroog nie en sou die enigste lopende water wees wat die kommando's op daardie bergroete kon kry.

## Viljoen-susters erf

In **Oktober 2002** vertel ons dat Piet Colyn 'n afstammeling is van drie Viljoen-susters, agterkleindogters van Piet Retief, wat die plaas Zwavelpoort geërf het. Piet se grootouers was Isabella Susanah, een van die Viljoen-susters, en Gert Petrus Bezuidenhout.



*Isabella Susanah en Gert Petrus Bezuidenhout in 1919*

In 'Ons vat Zwavelpoortse vroue se spoor terug tot by Piet Retief' in Februarie 2023 het ons in die Viljoen-susters se genealogiese voetspore teruggestap en op minder bekende feite oor hulle vroulike voorsate afgekom.

## Langs die wapad

In **Januarie 2003** meld ons dat die Fouries in die 1800's 'n regeringservituut gereël het om die Boschkop-grondpad te maak en uitspanplek



*Die 'Bosch Kop Governmentskool' in 1916. Maria Fourie staan agter die onderwyser*

te gee vir die mense wat met hulle waens daar verbygetrek het. Anna en Johannes Petrus Fourie het die opstal gebou wat in 2003 steeds 'n sigbare murasie was waar die Boschkop-grondpad in Lynnwoodweg-verlenging inkom.

## Tannie Willa onthou


In **Junie 2004** het ons vir die eerste keer by tannie Willa Dreyer, wat toe 86 jaar oud was, gaan kuier. Haar ouers, Hans en Hannie van Staden, het die plaas Onbekend in 1924 gekoop. Willa het vertel dat haar pa Hans in 1886 ses jaar oud was en gesien het hoe die hoofgoudrif aan die Witwatersrand ontdek is op sy oupa, Gerhardus Cornelis Oosthuizen, se plaas Langlaagte.



*Hans en Hannie van Staden*

## Erfgrond-verhale

In **April 2005** vertel ons dat Voortrekker Daniël Jacobus Erasmus met Cornelia Jacoba Susanna Kruger getroud was en dat hulle seun, Stephanus Erasmus, Mooikloof van sy pa geërf het. Sy broer, generaal Daniël Jacobus Elardus (Maroela) Erasmus, het Rietfontein, Grootfontein, Tierpoort, Bashewa en Welbekend geërf.



*Maroela Erasmus*

## Spookhuis-stories

In **Julie 2006** berig ons oor die spookstories en gruverhale wat oor die Erasmuskasteel, of te wel Spookhuis, vertel word. Jochemus Johannes Petrus Erasmus en sy vrou Johanna Jacoba het dié plek in 1903 gebou. Jochemus was die tweede seun van Carel Jacobus Erasmus, wat op die plaas Garstfontein, wat toe reeds in 13 dele onderverdeel is, geboer het.



*Carel Jacobus Erasmus*

## Bekendste boemelaar

In **Augustus 2007** vertel ons die verhaal van Paul August Moes, Pretoria se bekendste boemelaar rondom die draai van die 19de eeu. Ou Moes se voorliefde vir drank en mooi meisies het hom op 'n jong ouderdom reeds die afdraande pad laat loop. Hy is in die Wes-Indiese eilande gebore as die erfgenaam van 'n sigaarfabriek, wat hy amper weggedrink het. Sy familie het hom na Pretoria gestuur.



*Ou Moes*

## Donkerhoek-herehuis

In **Junie 2008** deel ons lesers mee dat Donkerhoek se swierige herehuis uit die 1800's deur 'n lid van Paul Kruger se volksraad, Jacobus Marthinus Andries (Donkie) Wolmarans, gebou is. Hy het sy deel van Donkerhoek op 15 Junie 1896 gekoop en Wolmarans Rust gedoop. In Julie 2022 berig ons dat Ian MacDougall aangekondig het dat die familie ná vyf geslagte uit die opstal moet trek. Net soos die res van die omliggende gebied is dié herehuis geplunder en stuk vir stuk weggedra.



*Donkie Wolmarans*

Na bladsy 22

Save on your electricity bill with
Skylights & turbine ventilators
350mm • R2 599
550mm • R2 999
700mm • R4 699
Spring Specials !!
Combo 1
2 x 350mm skylights
R4 899
Combo 2
1 x 350mm & 1 x 550mm skylights
R5 299
Combo 3
2 x 550mm skylights
R5 699
Before
After
BENEFITS OF TURBINE VENTILATORS
• Removes heat, fumes, steam & dust
• Improves effectiveness of insulation
• No maintenance / operating costs
• Improves air quality
• Water & dust proof
ilanga skylights
082 446 6001 • 012 377 3565
info@ilangaskylights.co.za
www.ilangaskylights.co.za

# Ons onthou . . .

*Vanaf bladsy 21*

## Vergete prins


*Prins Christian Victor*

In **Maart 2009** skryf ons dat koningin Victoria opdrag gegee het dat haar gunsteling kleinseun, prins Christian Victor, in 'n gewone soldategraf in Pretoria se Kerkstraatbegraafplaas begrawe moet word. Dié 33-jarige prins het malaria opgedoen en is op 29 November 1900 in die Yeomanry Hospitaal, wat in Tom Beckett se Arcadia-huis ingerig is, aan ingewandskoors dood nadat hy vir drie dae in 'n koma was. Vandag spook dit glo by sy graf.

## The Willows se Strubens


*Kaptein Johan Marinus Struben*

In **Januarie 2010** vertel ons die storie van die Hollandse kaptein, Johan Marinus Struben, en sy seuns Harry en Fred, wie se mislukte boerdery op die Struben-plaas, The Willows, tot die ontdekking van goud gelei het. Harry het The Willows, geleë langs die buurplaas Hazeldean, in 1862 gekoop en sy broer Fred het as sy assistent gewerk voor hy begin delf het.


*Magdalena Christina, 'n nooi Barnard, en Daniël Johannes Terblanche met hulle kinders en kleinkinders*

## Boschkop se Barnards

In **Maart 2011** berig ons dat ons gesigte by die name op die Waterlake Farm-grafstene kan sit. In Desember 2010 het ons geskryf dat dié grafstene 'n verhaal vertel van die lief en leed van Boschkop se Barnards en hulle nasate vertel; van die seuns wat in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het; dié wat in die 1914 rebellie dood is; en van die Groot Griep wat die familie so genadeloos getref het.

## Rudolph se leeu

In **Desember 2012** skryf ons dat selfs Eugène Marais oor Rudolph Gustavus Coetsee en sy leeu, Oubaas, geskryf het. Rudolph, 'n prokureur van Cullinan, moes op 'n jagtog 'n leeuwyfie, wat iemand aangeval het, doodskiet. Sy het welpies gehad en Rudolph het die mannetjie gevat, hom Oubaas gedoop, mak grootgemaak en 'n film, 'Logogotu', oor sy lewe gemaak.


*Rudolph Coetsee*

## 'Swart luiperd'


*Fritz Duquesne*

In **Januarie 2013** deel ons die verhaal van Frederick (Fritz) Joubert Duquesne 'n Boeresoldaat, krygsgevangene, grootwildjagter, joernalis, oorlogskorrespondent, makelaar, saboteur en avonturier. 'Swart Luiperd' was die kode-naam van dié sjarmante spioen wat Lord Kitchener, die argitek van konsentrasiekampe en die verskroeide aarde-beleid, se dood veroorsaak het.

## Kranige grootprater


*Koos Jooste*

In **Maart 2014** word Bronnie-lesers voorgestel aan 'n eksentrieke man wat waarskynlik een van die kranigste grootpraters was wat die wêreld nog gesien het. Koos Jooste het vir dekades ná die Anglo-Boere-oorlog nog as sogenaamde Boere-kommandant in Europa 'n bestaan gemaak uit praatjies, self-gepubliseerde blaadjies en poskaarte met foto's van homself in heldhaftige posisies.

## Kinder-krygsgevangenes


*Pieter Cronjé, nege jaar, en Tjaart van der Walt, 11 jaar, as krygsgevangenes op die Bermuda-eilande*


In **April 2015** berig ons dat penkoppe so jonk as agt jaar in die Anglo-Boere-oorlog saam op kommando gegaan het, aan veldslae deelgeneem het en na krygsgevangene-kampe in Bermuda, Indië, Ceylon en Sint Helena gestuur is. Seuns was dienspligtig vanaf 16 jaar, maar die wat jonger was kon saamgaan as 'n pa, broer, oom of neef vir hulle verantwoordelikheid kon neem.

## Jakkalsdans se mense

In **Januarie 2016** praat ons oor Jakkalsdans se mense, afstammelinge van die Voortrekker Daniël Malan, wat hom in 1849 op die plaas Brandbach gevestig het. Piet van der Walt het vir ons vertel dat Brandbach, Jakkalsdans, Papkuilfontein en Rietfontein se mense soveel kere onder mekaar getrou het dat Piet se oupa se skoonpa ook sy swaer was en dat sy ouma se stiefma haar skoonsuster geword het.


*Daniël Cornelis Malan en Maria Johanna, 'n nooi Steenkamp*

## Makgemaakte Ingelsman


*William Skinner*


In **Augustus 2017** skryf ons dat Pretoria nog nie eers sy naam gehad nie toe 'n 'makgemaakte Ingelsman' deur die eerste president se pa na dié omgewing gebring is om vir hom 'n huis te bou. William Skinner was daarna bou-aannemer van die eerste kerk, skool, tronk en raadsaal asook landdros en raadslid van die eerste munisipaliteit. Hy het met Piet Retief se kleindogter, Debora Wilhelmina Landman, getrou.

## Zwartkoppies se Markse

In **November 2018** vertel ons dat die Joodse sakeman, Sammy Marks, die gedeelte van die plaas Zwartkoppies noord van die Pienaarsrivier (773 hektaar groot) in Desember 1883 gekoop het. Sammy het tussen 1880 en 1920 'n groot rol in mynwese, nywerheid- en landbou-ontwikkeling gespeel. Hy het die herehuis langs die Ou Bronkhorstspruitpad, Zwartkoppies Hall, wat vandag 'n nasionale monument is, laat bou.


*Die Marks-gesin: Girlie, Joe, Dolly, Sammy, Louis, Bertha en Phil. Ted is afwesig*

## Twee fonteine, twee broers



*Gert Bronkhorst se dogter, Maria Jacoba Minnaar*

In **Junie 2019** praat ons oor Lucas Cornelis Bronkhorst (1795-1875) en sy broer, Johannes Gerhardus Stephanus (Gert) Bronkhorst (1798-1848). Hulle het saam met die Potgieter-trek in die gebied aangekom – ongeveer 15 jaar voor Pretoria gestig is. Gert het die plaas Elandspoort

*Na bladsy 24*







# Ons onthou . . .

*Vanaf bladsy 23*

gevestig, waar hy 'n hartbeeshuisie gebou het. Lucas het 'n huis op De Groene Kloof, later Groenkloof, naby die twee fonteine wat ons as Fonteinedal ken, gebou.

## Booysen-begraafplaas



*Voortrekker-begraafplaas Booysen*

In **September 2020** vertel ons dat die Voortrekkers waarna Pretoria se voorstede Booysens en Hermanstad vernoem is, se ou begraafplasie in Van der Hoffweg 'n reuse munisipale rekening gekry het, gerig aan Booysen J en CHZ. Cornelius Hermanus Zacharias Booysen en veldkornet Jan Booysen het die plaas Krokodilskraal van hulle pa geërf. Hy was die Voortrekker, Jan Jonathan Booysen, wat in 1880 in dié begraafplasie begrawe is. Sy vrou, Christina Maria, 'n nooi Herman, is in 1895 daar begrawe.

## Rietvlei se Erasmusse


*Anna Susanna Opperman het met Michiel Christiaan Elardus Erasmus getrou*

In **November 2021** praat ons oor Daniël Elardus Erasmus, oftewel Daantjie Doornkloof, wat die plaas Doornkloof in 1841 opgemeet het. Sy drie seuns, Daniël Jacobus, Stephanus Petrus en Michiel Christiaan Elardus het die plaas geërf. Michiel en Stephanus het ook die helfte van Reitvlej geërf. Michiel het in 1869 met Anna Susanna Opperman getrou. Hulle oudste seun, Daniël Elardus, het met 'Groot Tom' Moodie, trekleier na die destydse Gazaland, se dogter, Johanna Maria, getrou.

## Tragedie op melkplaas

In **Oktober 2022** skryf ons dat 'n tragedie hom op 18 September 1922 voor Kate Amy van der Byl afgespeel het. Sy moes sien hoe haar enigste oorlewende kind, die 29-jarige Albert Lawrence Montague van der Byl, se twee-sitplek Avro 450K dubbelvlerkvliegtuig in 'n fratsongeluk op hulle familieplaas, die Irene Melkplaas, val en hoe hy en sy makker, Edward Armstrong Stuart, sterf. Hulle het naby aan die plaashuis neergestort en is net daar begrawe.


*Albert Lawrence Montague van der Byl*

## Rietondale se verlede


*Thomas James Pearce Jenkins in 1909*

In **Julie 2023** meld ons dat sinkhuisies, rietbos en 'Perdehel' in Rietondale se verlede lê. Dié voorstad is in die swaarkry jare ná die Anglo-Boere-oorlog op 'n plaas, wat aan 'n mnr Beyers behoort het, uitgelê. Hy het 'n deel aan 'n mnr Dale verkoop. Destydse minister Piet Grobler het sy deel as proefplaas aan die regering verkoop. Die res is onder meer aan Bourke Trust, Tom Jenkins en Ouma Isie Smuts se broer, landmeter Petrus Schabort (Tottie) Krige verkoop.












# Dit is 'ons' mense wat die gebied merkwaardig maak


Ons kyk met 'n tikkie nostalgie terug na 22 mense wie se stories ons oor 22 jaar vertel het. Die fokus is op dié wat nie meer met ons is nie en ons onthou 'n tyd wat vir altyd verby is.
Ons sou graag deur vermelding hier hulde wou bring aan elke liewe een wat in ons 22 bestaansjare diep spore getrap het, maar weens beperkte ruimte is dit ongelukkig onmoontlik.

## Leeftyd se liefde


*Carel Burger*

In **November 2002** berig ons dat Carel Burger 10 jaar oud was toe hy vir die eerste keer aalwyne begin versamel en kweek het. Ons het na die aalwyne, vetplante, euphorbias en bome in sy natuurtuin teen die hang van die Bronberg gaan kyk, waar hy toe reeds 32 jaar gewoon het. Carel is op 4 Mei 2006 in die ouderdom van 83 jaar oorlede.

## Bekende koerantman


*Hans Strydom*

In **Junie 2003** vertel ons dat die bekende koerantman en skrywer, Hans Strydom, in Zwavelpoort afgetree het en sy kontrei-kuns uitstal. Hans was die skrywer van 'The Super Afrikaners', 'Afrikaner Cameos' wat as 'Volkstaat Blues' deur Des en Dawn Lindberg opgevoer is, en 'For Volk & Führer', wat as 'The Fourth Reich' verfilm is. Hy is in Maart 2004 oorlede.

## Mariëtte se gawe


*Mariëtte Basson en Tossie Lochner*

In **Maart 2004** het ons 'n middag saam met Tossie Lochner, die beminde Afrikaanse radiostem uit Italië, deurgebring toe sy by haar vriendin, Mariëtte Basson, op Mooiplaats gaan kuier het.
Mariette was nou betrokke by gemeenskapsake en liefdadigheid. Sy was lank verantwoordelik vir die jaarlikse Gee-jou-gawe-Kersmark. Sy is op 26 Augustus 2012 oorlede.

## Kaalvoet Jan


*Kaalvoet Jan Vosloo*

In **Maart 2005** berig ons dat Kaalvoet Jan Vosloo van Zwavelpoort op 15 Februarie oorlede is. Hy was bekend vir sy intense liefde vir sy volk en taal en het in sy laaste lewensjare help werk aan die heruitgee van geskiedkundige Afrikaanse boeke, wat nie meer in druk was nie. Jan was 'n entomoloog, rekenaarprogrammeerder en bestuurder by Infoplan se opleidingsafdeling voor sy aftrede in 1989.

## Eks-vegvlieënier

In **Junie 2006** deel ons eks-vegvlieënier, Sam McMurray, se Tweede Wêreldoorlog-eskapades in Afrika se oerwoude en woestyne. Sy stories het gestrek van geheime sendings, gedwonge landings en die onheilspellende geluid van Afrika-tromme tot 'n oorlog-brief van 'n gesneuwelde kameraad wat 44 jaar laat afgelewer is. Sam is op 8 September 2008 oorlede.


*Sam McMurray*

## Klein kalante


*Piet van der Merwe*

In **Januarie 2007** berig ons dat Piet van der Merwe van Zwavelpoort op 12 Januarie oorlede is. Ons het Piet se storie in Desember 2002 vertel, toe hy al bykans 40 jaar lank besig was met die teling van Dexters. Hy het hom in 1962 op Zwavelpoort gevestig, min wetende dat die Mooikloof-landgoed in later jare reg oorkant sy kleinhoewe sou gestalte kry.

## Anieta se radiostem

In **Julie 2008** het die bekende radio-omroeper, Anieta Armand van Mooiplaats, vir ons vertel hoe sy in die grensoorlog in Angola met beweegbare senders rondgejaag het, van dreigende aanvalle op Radio Pretoria, hoe sy 'n kode 14 lisensie gekry het en busse vol kinders veldskole toe gery het en daarna 'n toergids geword het. Anieta is op 24 September 2018 oorlede.



*Anieta Armand*

## GPF voorsitter


*Bob Round*

In **Augustus 2009** berig ons dat rowers Bob Round op 23 Julie op sy Shere-kleinhoewe doodgeskiet het. Ons het Bob in Augustus 2004 as Gemeenskap-polisiëringsforum-voorsitter, aangehaal: "Ek weier om 'n slagoffer te wees, en ek doen my bes om seker te maak dat dit nie met my of my mense sal gebeur nie." Dié woorde verduidelik dalk hoekom 'n 79-jarige man drie rowers eiehandig getakel het.

## Hank onthou


*Hank Schrader*

In **Desember 2010** het Hank Schrader vir ons die Barnards se ou opstal en familie-begraafplasie gaan wys. Hank was vir 30 jaar plaasbestuurder op dié Boschkop-plaas. Hy het in 1976 vir Theuns Bester begin werk. In 1993 het Sinovich Investments die plaas gekoop. 'n Amerikaner, Eugene Delaney Jackson, het die plaas in 1997 gekoop en het dit tot 2005 besit toe Waterlake Farm die plaas bekom het. Hank is op 31 Julie 2014 oorlede.

## Hulp vir Hans


*Hans Lombard en sy vrou Alida*


In **Oktober 2011** vertel ons dat Bronnie-lesers hulle harte oopgemaak het om Hans Lombard, kok en restaurantbestuurder by Bronberg Lodge, te help. Sy been moes afgesit word ná gangreen weens suikersiekte ingetree het. Mense het geld ingesamel en 'n rolstoel, loopraam en kontant is aan Hans oorhandig. Hy is op 1 Desember 2014 in die ouderdom van 58 jaar ná 'n operasie oorlede.

## Faan se nalatenskap

In **April 2012** berig ons dat die Faan Smuts-kapel by Bronberg Wynlandgoed deur Faan se weduwee Issie ingehuldig is. Faan is op 26 Augustus 2011 oorlede. Hy het vir Rhodesië rugby gespeel en het jarelange vriendskappe met mede-rugbyspelers gevorm. Faan was 'n mede-eienaar van Rhodesia Motors in Pretoria, het 'n vliegtuig aangeskaf waarmee hy en sy vriende die land vol gevlieg het om te gaan rugby kyk, was in die boubedryf en die restaurantwêreld.


*Faan Smuts*

## Mooiplaats se Mervyn


*Mervyn Woodrow*

In **Desember 2013** deel ons lesers mee dat Mooiplaatser, Mervyn Woodrow, se nuwe roman, 'Behind the mountain', bekendgestel is. 'n Film is van sy eerste roman, 'A capital affair', gemaak. As kunstenaar, outeur, dosent en eertydse Arabierperd-teler het Mervyn vir 40 jaar op sy kleinhoewe gewoon waar hy selfs 'n 1 600 meter resiesbaan vir Arabierperde gehad het. Mervyn is op 24 Februarie 2017 in die ouderdom van 84 jaar oorlede.

## Bronbergse beeldhouer


*Phil Minnaar*

In **April 2014** vertel ons dat beeldhouer, Phil Minnaar, op 23 Maart oorlede is. Die Bronnie het in September 2003 by Phil op sy Olympus-kleinhoewe gaan kuier om te kyk na die replikas

Na bladsy 28







# Mense . . .

*Vanaf bladsy 27*

van sy bekende kunswerke: Van die Boeregeneraals by die Leër Hoofkwartier, die eerste ministers wat by die lughawens gestaan het en Skukuza-hek se reliëfbeelde tot die twee soldate voor 1 Militêre Hospitaal.

## Willa van Onbekend


In **Maart 2015** deel ons die hartseer nuus dat Willa Dreyer op 8 Maart in die ouderdom van 96 jaar oorlede is. Ons het in Junie 2004 vir die eerste keer by tannie Willa gaan kuier. Sy was een van Hans en Hannie van Staden, wat die plaas Onbekend in 1924 gekoop het, se agt kinders en het in 1925 aan Laerskool Witpoort begin skoolgaan. Sy is in 1944 met Lucas Dreyer getroud en hulle seuns en dié se kinders en kleinkinders was ook by Witpoort op skool.



*Willa Dreyer*

## Thea se taak

In **Junie 2016** berig ons dat Thea de Bruyn, destydse direkteur van Kungwini Welsynsorganisasie (KWO), op 22 Mei in die ouderdom van 60 jaar oorlede is. Sy het in 1986 as maatskaplike werker by die Paul Jungnickelhuis begin werk en het later direkteur geword. In 1996 het dié tehuis 'n onafhanklike welsynsorganisasie geword. Thea het KWO in 2002 gevorm, 'n oorkoepelende organisasie vir dienste aan die gemeenskap.



*Thea de Bruyn*

## Duitse oorlogswesie

In **Maart 2017** stel ons lesers in kennis dat Werner Schellack, kurator van Cullinan se McHardy-huismuseum, op 11 Maart oorlede is. Werner was twee en 'n half jaar oud toe hy op 8 September 1948 as een van die 83 Duitse oorlogswesies in Kaapstad-hawe aangeland het. Hy was 'n geskiedenis-dosent by Unisa en het 'Vir 'n 'blanke volk': Die verhaal van die Duitse weeskinders van 1948' onder die naam Werner van der Merwe geskryf.



*Werner Schellack*

## Kaalvoetkinders se hoof

In **Februarie 2018** berig ons dat Michael Combrink op 22 Januarie in die ouderdom van 57 jaar oorlede is. Hy was sedert 2009 die geliefde skoolhoof van Laerskool Witpoort, waar hy 'n groot impak gehad het. Sy droom was om in 'n landelike omgewing tussen boere te woon en vir hulle kinders skool te gee. Hy het opreg in die mense van die omgewing belang gestel en het hegte vriendskappe gesmee.



*Michael Combrink*

## 'n Hart vir diere

In **Mei 2019** rapporteer ons dat Rayton se geliefde veearts, dr Arnold Gerhard Lademann, op 19 April in die ouderdom van 79 jaar oorlede is. 'n Huldeblyk van Gerda Berga het gelui: "As ek dink aan woorde om hom te beskryf, dink ek aan kundigheid, geen-nonsens-nie, by tye onkonvensioneel, oplossing-gedrewe, bekostigbare fooie, 'n eksentrieke veearts met 'n hart wat omgee vir diere."



*Dr Arnold Lademann*

## Legendariese kuiers

In **Augustus 2020** vertel ons dat Nico Breytenbach van Boschkop oorlede is. Hy en sy vrou, Lynette, was vir dekades in die Bronberggebied doenig. Saam was hulle 'n gedugte span en het verskeie ondernemings bedryf, soos die legendariese Nikos Restaurant in die destydse Zwavelpoort-sentrum. Baie jare ná dié kuierplek toegemaak het, het mense met nostalgie vertel hoe hulle na die saamkuier en vriendelike gashere terug verlang.



*Nico Breytenbach*

## Sandy se stasie

In **Augustus 2021** berig ons dat kolonel Sandy Scheltens, bevelvoerder van die Bronkhorstspruit-polisiestasie, op 23 Julie haar stryd teen Covid verloor het. Die 59-jarige Sandy was vir bykans 40 jaar in die polisiediens. Die Bronkhorstspruit-gemeenskap het op 28 Julie eer aan Sandy betoon deur 'n emosionele deur-ry gedenkdiens waar mense blomme buite die polisiestasie geplaas het.



*Kolonel Sandy Scheltens*

## Waardes uitgeleef

In **September 2022** deel ons lesers mee dat Etienne Koekemoer, NG Kerk Rayton se geliefde gemeentebestuurder sedert 2014, op 7 September in die ouderdom van 63 jaar oorlede is. Hy was in die Suid-Afrikaanse Polisiedienste tot sy aftrede as kolonel, adjunk-direkteur voorsiennings administrasie. Etienne word onthou as iemand wat elke dag sy waardes uitgeleef het in sy regverdigheid en omgee.



*Etienne Koekemoer*

## Bronnie se redakteur

In **Mei 2023** vertel ons dat Gerhard Kleijn, redakteur van ***Die Bronberger,*** op 14 April oorlede is. Huldeblyke het ingestroom oor dié eiesoortige man, wat so baie mense se lewens geraak het. Sy loopbaan as koerantman het verskeie publikasies ingesluit, 'n hele paar wat hy self begin het. Sy jare by 'Oggendblad' en die landboukoerant, 'Die Kouter', het vir hom uitgestaan. Gerhard het verskeie ander dinge aangepak – van skakelbeampte vir Mosgas op Mosselbaai tot 'n koerant in Namibië en die bou van 'n herberg in Mosambiek.















# Maroela-lekkernye uit Betsie Rood se veldkombuis

***In 'Mymerkos' hoor ons graag van lesers oor resepte wat heimwee wakker maak. Lesers is welkom om vir ons 'n ou familieresep te stuur saam met 'n foto van die ma of ouma wat die resep 'n familiedis gemaak het of 'n foto van hoe so 'n dis lyk.***

Betsie Rood was 'n skrywer en navorser van ons land se kos- en medisynetradisies. Sy het 'n reputasie as een van Suid-Afrika se beste kokke gehad; 'n warmhartige en vrygewige gasvrou wat as "statig" beskryf is en "duidelik 'n dogter van een van die bekende families van die Weskus, die Laubschers".



*'Uit die veldapteek'*
*Bron: bookhubpress.com*




*Maria Elizabeth Petronella (Betsie) Rood*
*Bron: Towerwater Aan De Breede*

Maria Elizabeth Petronella (Betsie) Laubscher is op 21 Junie 1916 op die plaas Langlaagte gebore. Op vyfjarige ouderdom het die gesin na die familieplaas Uitvlug getrek. Ongeveer 'n jaar voor haar dood, in Julie 2002, is haar boek, 'Uit die waaisand en die kalkklippe", gepubliseer waarin sy haar grootwordjare op dié plaas beskryf.


Dit was 'n plaas ryk aan tradisies en aktiwiteite en Betsie het baie te vertelle gehad oor die huis en buitegeboue: Die waenhuise, werkskamer, melkkamer, vleiskamer, dorsvloer, kafhok en koringmeul asook die koeistalle, varkhokke en krale.

Deur die jare het Betsie se skryftalent na vore gekom en haar eerste kookboek, wat oor vegetariese resepte gegaan het, was 'n eerste in sy veld in Afrikaans. Dit is gevolg deur vier volumes in die reeks 'Geregte met souse'. Sy het onder andere 'n boek oor Maleierkookkuns geskryf en 'n reeks oor die veld: 'Uit die veldapteek', 'Kos uit die veldkombuis' en 'Smulvleis uit die veld'.

'n Groot gunsteling onder lesers was 'Betsie Rood se 101 tradisionele Suid-Afrikaanse resepte' waar sy handgeskrewe resepte, wat in plakboeke behoue gebly het, met lesers gedeel het. Dié tradisionele resepte dateer terug na die 1890's en baie daarvan het van haar eie ma en skoonma gekom. Sy het die mates in metrieke standaarde oorgesit en het 'n paar aanpassings aan die bestanddele en metodes gemaak om in vandag se kombuise te kan werk.



*'Afrikaanse Vegetariese kookboek'*
*Bron: Kakkerlak Boekhandelaars*



*'Betsie Rood's 101 traditional South African recipes'*

Betsie is met Louis Egbertus Rood, gebore op 3 April 1895 op Vanrhynsdorp, getroud. Hy was 'n mediese dokter wat reeds in sy veertigs was toe die twee getroud is.

Louis het 'n plaas op Vredendal gehad en ook 'n huis op Strandfontein, wat – volgens sy kleinnefie, Francois Marais – eintlik die amptelike naam 'Louis Rood Strand' dra.

Louis het uit 'n vooraanstaande familie gekom, waar baie van die mans hoë posisies beklee het. Hy was 'n kolonel in sy plaaslike burgermag, 'n direkteur van verskeie instansies, burgemeester van Vredendal, voorsitter van die afdelingsraad en uiteindelik 'n lid van die provinsiale raad waar hy later as president verkies is.



*Die Rood-mans: Karel (luitenant-kolonel en LP); Evert; Gerhard Hendrik Izak (luitenant-kolonel); Evert Phillipus; Mauritz Julius; Ernst 'Tommie' (senator); en Louis Egbertus*
*Bron: geni.com*

Louis het lank genoeg geleef om sy en Betsie se twee dogters, Sylvia en Petrusa, te sien grootword voor hy in 1952 aan kanker oorlede is. Betsie is meer as 'n halfeeu later in 2003 oorlede.

## Veldkombuis

Ons kies resepte vir maroela-lekkernye uit 'Kos uit die veldkombuis'. In die voorwoord tot 'Kos uit die veldkombuis', skryf Jan Rabie dat 'n gemeenskap van geluk kan spreek dat daar sulke bewarende liefhebbers soos Betsie Rood in hulle midde is. Ná al die jare se bedrywighede en navorsing oor die kombuis se geheime het sy met 'n handboek oor alles wat eetbaar of bruikbaar in die veld is, vorendag gekom.

Jan het geskryf dat dié erfenis aan die sterwe is en dat dit dringend belangrik is dat dit betyds nagevors en geboekstaaf is. "En wat 'n heerlike rykdom van eetbare veldkosse het ons land nie!"



*Louis Egbertus Rood*
*Bron: geni.com*



*Maroela (Sclerocarya birrea)*
*Foto: Nasionale Botaniese Instituut*

## Maroelajellie

Dié resep, waarvoor groen vrugte gebruik word, kom van mevv L Breedt van Vaalwater, M Briel van Atlanta, M Kruger van Ellisras, J Coetzee van Potgietersrus en dr RA Basson van Grootfontein.

Was die vrugte en sny met 'n mes in die omtrek van die vrug. Voeg net genoeg water by om die vrugte te bedek en kook in 'n groot pot tot die skille afval – sowat 'n uur.


Syg deur 'n fyn doek en laat oornag stadig deurdrup. Moenie daaraan druk nie, anders sal die jellie troebel wees.

Kook die sap weer en doen 'n pektientoets: Gooi 12,5 ml brandspiritus in 'n koppie en voeg 5 ml van die afgekoelde maroelasap versigtig by. Dit sal stol as genoeg pektien teenwoordig is. Indien dit nie reg is nie, kook die sap nog 'n bietjie langer en herhaal die toets.

Voeg 200 g suiker by vir elke 250 ml sap en kook weer. Syg weer deur om die jellie van enige onsuiwerhede in die suiker te suiwer. Kook nog 'n rukkie tot die jellie stol – die jellie sal soos 'n gordyn van 'n houtlepel afgly.

Die kleur moet heldergroen wees. Die kleur kan egter van seisoen tot seisoen verskil, na gelang van die pektieninhoud van die vrugte.

Bottel in gesteriliseerde flesse. Wanneer die jellie heeltemal koud is, verseël dit met sirkels van brandewynwaspapier of met paraffienwas. Skroef die deksels dig toe en bêre.



*'Kos uit die veldkombuis'*

## Ingemaakte maroelas

Neem mooi ryp maroelas, was en skil. Kook die vrugte in water tot gaar.



*'n Latere foto van Betsie Rood*
*Foto: Bernard Jordaan uit 'Kos uit die veldkombuis'*

Kook 'n stroop van 150 g suiker vir 250 ml water.

Sodra die maroelas goed deurgekook het, word dit in gesteriliseerde flesse gepak en die kokende stroop word daaroor gegooi. Pasop vir lugblasies. Verseël die flesse.

## Maroelalekkers

Druk genoeg ryp maroelas uit hulle doppe om 'n pot se boom te bedek. Gooi 125 ml water en 300 g suiker daaroor en kook dit tot tameletjie.

Gooi die mengsel uit in 'n gesmeerde koekpan. Laat afkoel. Sny dit in porsies voordat dit te styf is. Rol die vierkante in versiersuiker.









# The law on alien and invasive plants

Did you know that you can go to jail by harbouring alien and invasive plants on your property? If not, please read on.

**The National Environmental Management and Biodiversity Act (NEMBA) (2004) states under Chapter 5, Section 73(2)(b) Duty of care:** "A person who is the owner of land on which a listed invasive species occurs must take steps to control or eradicate the listed invasive species and to prevent it from spreading". 'Control' means the systematic removal of all visible specimens of an invasive species.

The **Alien and Invasive Species Regulations for The National Environmental Management Biodiversity Act (NEMBA) (No. 10 of 2004)** was published and **put into effect in 2014** and divides invasive species into four categories, namely Category 1a, 1b, 2 and 3.

**Category 1a:** Invasive species which must be combated and eradicated. Any form of planting or trade is strictly prohibited.

**Category 1b**: Invasive species which must be controlled and wherever possible, removed and destroyed. Any form of planting or trade is strictly prohibited.

**Category 2**: Invasive species or species deemed to be potentially invasive, in which a permit is required to carry out a restricted activity. Category 2 species include commercially important species such as pine, wattle and gum trees. It is prohibited within 32 m of the edge of a water course or wetland or the 1:100 year flood line.

**Category 3**: Invasive species which may remain in prescribed areas or provinces, such as privet and seringa trees in urban centres. Further planting, propagation or trade is prohibited and saplings must be controlled in gardens. It is prohibited within 32 m of the edge of a water course or wetland or the 1:100 year flood line.

**Property owners are therefore compelled by law to control and eradicate alien invasive species on their property.**

**Section 29 (3)** of the regulations state that the seller of any immovable property must, prior to conclusion of sale, notify the purchaser of that property in writing of listed invasive species on that property.

**Section 35 (2)** states that a person who fails to comply with the provisions of the regulation is liable to a fine not exceeding 5 million Rand or imprisonment of a period not exceeding 10 years or both.

Therefore property owners should start paying attention to alien and invasive plant species on their land and in so doing also prevent their property value decreasing.

**Visit www.invasives.org.za for more information on alien and invasive plant and animal species.**

***This article was sponsored by Bronberg Conservancy.***


*Category 1b: Lantana camara (lantana)*
Photo: Louise Kritzinger


*Category 3: Duranta erecta (forget-me-not tree / vergeet-my-nie-boom)*
Photo: Louise Kritzinger


*Category 1a: Iris pseudacorus (yellow flag / geel iris)*
Photo: Petro Lemmer


*Category 2: Populus alba (white poplar / witpopulier)*
Photo: Petro Lemmer








# Seniors vier Vrouemaand

Tierpoort Seniors het Vrouemaand op 7 Augustus by Lavandou in Grahamweg gevier. Sanya Holtzhausen en haar dogter, Antoinette Delport, het die saal in 'n groen-en-geel sprokie omtower. Die verwelkoming was 'n glasie sjerrie in die hand.

Na afhandeling van 'Lief en Leed' is balansoefeninge gedoen wat belangrik is op 'n gevorderde ouderdom.


*Konsentrasie om die balans te hou*


*Die 'Noot-vir-Noot' wentafel: Renita Malherbe, Magriet O'Neill, Lenie Cilliers, Martie de Klerk, Paddy de Jager, Annatjie Pienaar en Hannetjie Bloem*

Met die aktiwiteit van die dag, 'Noot-vir-Noot', het die gaste in tafelverband meegeding. Marietjie Alers het verskeie liedjies met vrouename in op haar trekklavier gespeel.


*Van links na regs: Paula Sassenberg en haar susters uit die Kaap, Engela Lubbe, Joey du Plessis, Vicky Meyer, Mareen Bellingham en Norma Dunbar*

Slegs een tafel kon al 14 name korrek op hulle lys invul.


Die spyskaart het die tema, 'Ma se Afdag', goed aangevul. Daar was pastei, sous en tjips met slaai. Die nagereg was halwe ingelegde perskes, gevul en gebak met sjokoladekoekies in. Dit is met roomysballe bedien.


# Kinderkuns kraai koning

Meer as 1 000 kuns- en beeldhouwerke is dié jaar vir die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys (BCVO) se kunstefees ingeskryf. Van die kunsstukke is op Taaldag, 14 Augustus by die BCVO se hoofkantoor in Moreletapark uitgestal waar besoekers sop en sjerrie geniet het en die kunswerke kon besigtig.

Die Kultuurraad van die BCVO sê dat kuns, in alle vorme, 'n kritieke rol in die lewens van kinders speel deur hulle te help om hulle kreatiewe, emosionele en intellektuele potensiaal te ontdek en ontwikkel. "Dit is 'n uitlaatklep en gee vir kinders 'n veilige ruimte om hulle emosies te verken en verwerk. Dit dra ook by tot die algehele ontwikkeling van 'n kind se motoriese vaardighede, kritiese denke en probleemoplossing."

Leerlinge kry die kans om hulle talente op verskillende vlakke te ontwikkel. Hulle neem eers op skoolvlak deel waarna die bestes op streekvlak meeding. Die bestes van die streke kry dan geleentheid om op nasionale vlak deel te neem.


*Besoekers by die uitstalling*
Foto's: Verskaf


*'n Deel van die uitstalling*


*Kayla Schlebusch se kunswerk*







# Deur die lens van ons lesers

**In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.**



Dié pylvlekkatlagters is gereelde besoekers aan Derek Bekker se Olympus-tuin



Hendrik Opperman van Witpoort het dié mooi dagbreek raaksien



Lentebloeisels in die skemerlig
Foto: Laurika van der Linde



'n Njala in die dorre veld Foto: Eus de Clerk



'n Tierpoortse hoenderhaan gesien deur die lens van Donatella Casillo



Bye werk in 'n aronskelk
Foto: Albert Bester



Die appelkoosbome het vroeg in Augustus reeds begin blom
Foto: `Alet Erasmus




Die swartkeelgeelvinke het hulle broeipakkies aan en is gereed vir die lente
Foto: Ronéll van der Merwe



Emma Koekemoer het die bruinkopvisvanger tussen die sagte lentebloeisels gesien



'n Pragtige bos proteas om die lente te vier
Foto: Emma Koekemoer




'n Dorre veld smag na die reën wat dié wolke dalk net kan bring Foto: Luanay Laubscher



Buks Dom Boer Barnard sê die blou reën is reeds hier. Nou wag ons nog net vir die nat reën



Laventelblomme deur die lens van Carmen Bredenkamp



Laurika van der Linde het dié nuuskierige kietsiekat by die Clivias betrap



'n Merkwaardige wolkformasie kondig die einde van nog 'n dag aan
Foto: Eus de Clerk



Eus de Clerk het dié strelitzia raakgekiek













# It's in the eyes



**Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.**

As our dogs age they develop cataracts which cause visual issues. The problem is that not all cloudiness in the eye or visual deterioration is due to ageing. Our pets have several hereditary diseases which can cause damage to the retina resulting in vision loss. This normally occurs in purebred dogs and can be tested for genetically in some breeds to prevent breeding with carrier parents. Definitive testing for these conditions once the animal is blind will require an examination of the eye at your veterinarian and generally a more detailed examination by a veterinary ophthalmologist.

The eye is also a secondary / target organ for several systemic diseases. High blood pressure may cause retinal detachment. This is quite common in cats with kidney disease and will result in sudden blindness and even bleeding into the eye. This can be seen as a red discoloration of the eye fluid or a blood clot settling at the bottom of the eye.

The area of the eyeball in front of the pupil is called the anterior chamber. The area behind is the posterior chamber and cannot be examined without an ophthalmoscope, as the lens blocks visualisation.

Long-term infections and some cancers, such as lymphoma, can also cause inflammation in the eye. This presents as a reddened, swollen-looking iris as well as a more obvious cloudy anterior chamber. You may see bleeding and white floating specks as well as a settled clot of tissue (inflammatory cells) settling at the bottom of the eye. This symptom will require a complete examination and testing of the patient to look for the inciting cause. The eye will generally recover fully with proper treatment, but at the time is quite painful and the patient will be sun sensitive.

The cornea is the outer exposed area of the eye and is a clear 'window'. Damage to the cornea occurs quite frequently. In cat fights the cornea is often scratched, sometimes completely lacerated. Some patients develop ulcers in the cornea due to problems with poor tear film, trauma, chronic irritation from hairs as well as secondary to viral diseases, such as feline herpes virus.

Corneal ulceration is painful as there are a lot of nerve endings in the cornea to protect the eye and cause us to blink quickly. Pain from the corneal ulceration will also cause the pupil to constrict on that side – a pinpoint pupil. The cornea can also develop more benign changes such as patches of white, which can just be lipid deposits. However, it is best to always have these checked as these patches can also indicate corneal swelling form inflammation or damage from the inside if the lens is dislocated and moves out of position and rubs on the cornea.


Cloudiness of the pupil itself is due to changes in the lens. As our pets age the lens has more fibres laid down into the gel component and develops sclerosis. This causes some cloudiness but the patient can still see, although not as well because the lens is no longer as flexible.

Nuclear sclerosis is thus a normal, age-related change encountered in dogs over the age of eight years and cats over the age of 12 years. If a cataract has formed, the whiteness is a lot more severe and has a more rapid onset. Cataracts develop a crackled glass looking appearance and affect vision.

Cataracts need surgery to remove them. This is only performed by an ophthalmologist and is expensive due to the highly specialized equipment used.

In layman's terms: a needle is inserted into the cataract, which causes vibration and the cataract is liquefied and sucked out. If it is decided not to remove the cataract due to costs or other factors, it is advisable to monitor and manage the eye with eye drops when any inflammation becomes evident because the cataract can cause irritation.

So, keep an eye on your pets' eyes and intervene quickly as it is a delicate structure which can quickly develop irreparable damage.













Bronnie van den Berg




# Plotpraatjies word al 22 jaar lank oorvertel

Oor die dekades het Gerhard Kleijn se pittige sêgoed in 'Ou Poon se plotpraatjies' mense laat skater. Ons haal 'n paar skatergoed uit die Bronnie se vroeëre jare aan:

**Julie 2003** – oor suinigheid: "Die suinigheid van Trens van Rensburg, só sê hulle, was 'n ding in die bloed. Sy oupa, ou Vrek van Rensburg, en sy pa, Klein Vrek van Rensburg, kon net so vernuftig op hulle pennies sit."

**Maart 2004** – oor trou: "Toe sy kleinseun hom laas week vra: 'Oupa wat se ding is 'n oujongkêrel?' toe kon hy met gesag antwoord: Ou seun, 'n oujongkêrel is 'n ou wat diep en ordentlik oor 'n ding nadink voor hy dit doen. En dit dan nie doen nie."

**Desember 2006** – oor modes: "Dit was in die dae toe 'n man eerder sonder 'n broek as sonder 'n hoed op straat gevang sou word."

**April 2008** – oor die woordjie 'gat': "Sou die ding jeuk beteken dit ook nie dat dit gekrap wil word nie, maar wel dat die eienaar daarvan s'n brand om iets onbesonne aan te vang wat hom waarskynlik syne gaan laat sien. En dit kan veroorsaak dat 'n leedvermaker syne aflag. 'n Volksvreemde sou waarskynlik hiervan nie kop of . . . wel, hy sou nie verstaan nie. Om een skoon te maak, het byvoorbeeld niks te doen met goeie badkamermaniere nie, maar dui eerder op 'n baie haastige vertrek. Probeer 'n bietjie om die skoonmaak-een te vertaal en jy gaan joune straks afsukkel."

**September 2010** – oor rugbyreëls: "Ek praat van die versie wat die skeidsregter deesdae opsê voor daar geskrum word. My dilemma is; hoe sê 'n mens 'krouts, tats, enghyts' in regte Afrikaanse rakbietaal? Ek het alles binne my vermoë gedoen, selfs woordeboeke geraadpleeg en verafrikaansing probeer, maar dit bly half snaaks, half verkeerd en heeltemal skeef klink. Luister 'n bietjie: "Buk! Vat aan! Verposing! Verloof!" Ek sien terloops die dikstertmêrrie praat ook van 'engageer'."

Toe die Bronnie een jaar oud geword het, het ou Poon bespiegel oor wat van die name in die omgewing gaan word as Pretoria se naam na Tshwane verander. Hy het gewonder of plekke soos Tygervallei na Tiger Woods, Welbekend na Stroesnjanie, Onbekend na Aikôna Whêna en Donkerhoek na Comrades Corner toe sal verander. Hy wou toe nie oor Woodhill se voor-die-hand-liggende nuwe naam bespiegel nie.

En van name gepraat: Met die tweede verjaarsdaguitgawe vertel ou Poon van die jong verslaggewer wat dit uiters moeilik gevind het om name te onthou. So het sy toe op 'n dag 'n volledige onderhoud met 'n "belangrike" man gevoer voor sy besef het dat sy die man se naam vergeet het. Om hom toe blatant te vra wat sy naam is, sou 'n erge verleentheid vir haar en belediging vir hom beteken het. Sy onthou dat die belangrike ou se van 'n 'a' of 'n 'o' in het en dog sy sal die verleentheid omseil toe sy vra: Spel 'n mens u van met 'n 'a' of met 'n 'o'? "Kok," antwoord die ou. "Met 'n 'o' asseblief.



En so het die jare tussen die stof en die veldbrande en ongerief en ongerymdhede en ander kokspulle aangeloop en ou Poon het geduldig op sy pos gebly om die een en die ander met julle te deel tot sy afsterwe op 14 April 2023.










# Changing poison into medicine



"What stands in the way becomes the way." Roman emperor Marcus Aurelius, one of the most prominent Stoics of his time, wrote this. When I read it, I just knew that it is exactly what needs to be said on the occasion of ***The Bronberger***'s 22nd birthday. Odd birthday message, you'd think?

Nope, it's the perfect way to rephrase the Zen proverb: "Obstacles do not block the path, they are the path." And, yes, as an independent publication, the Bronnie has faced its fair share of obstacles over the past 22 years! Enough of them to realise that it's not about disregarding the anguish that obstacles bring. It's about seeing anguish as a teacher rather than a burden.

"Blessings and burdens are not mutually exclusive," says Ryan Holiday, author of 'The Obstacle is the Way.' The parable about the old man and his horse illustrates this.

I heard the story from Nick Ortner, who tells it as follows:

There once was an old farmer. One day, his only horse ran away and his neighbours said: "What a terrible loss, such bad luck!" The farmer replied: "Maybe yes, maybe no. We'll see."

A few days later, the horse returned to the farm, accompanied by seven wild horses. "What good luck," his neighbours said. "Maybe yes, maybe no. We'll see," the old man replied.

The next day his only son tried to ride one of the wild horses. The horse threw him and he broke both of his legs. The neighbours said: "Horrible news! What misfortune." The man replied, "Maybe yes, maybe no. We'll see."

Soon after, a war broke out and every able-bodied young man was drafted to fight. The farmer's son was spared because of his injuries. "What great news! Such luck for your family," the neighbours said. The old farmer simply replied, "Maybe yes, maybe no. We'll see!"

Nick says this parable reminds us that what seems like very bad luck may, in fact, have a silver lining. And what seems like great news may not turn out how we expect, either.

Jumping to conclusions right away about whether something is 'good' or 'bad' is often not the wisest choice. So, instead of rushing to conclusions or judging a situation, we can learn from the wise old farmer. We can learn to accept what is and stay open to the possibilities ahead, Nick writes.

The old farmer's neutral statement, "We'll see", might be a bit beyond many of us, most of the time. We tend to take a nosedive into the deep, dark pit of despair when adversity strikes and that's why it's good to remember that our true obstacles are not external but inside us. In my opinion the biggest internal obstacle of all is to fall into victimhood.

Filipe Bastos talks about living above the line and living below the line. The 'line' separates empowerment from disempowerment.

Living above the line means taking ownership of your life and being accountable for it.

Living below the line means handing control of your circumstances over to external situations and other people. This involves blaming other people for your problems, making excuses, living in denial or with a sense of entitlement.

Filipe writes that, in ancient times, the stoic philosophy of 'amor fati', meaning 'love of one's fate', proposed that we embrace our lives exactly as they are, treating undesirable circumstances and distress as necessary for developing knowledge, strength and resilience.


Use "the obstacle is the way" as an antidote to despair. Filipe says that the more you do this, the better you will get at interpreting obstacles as opportunities. He explains that stoicism is founded on the belief that there is no good or bad, only perception. You can't control what happens to you, only how you respond to it, so you may as well choose to respond well.


Ancient Stoics firmly believed that, rather than preventing us from doing something, an obstacle in fact presents a chance to overcome something. It's not just about "finding a silver lining" or "blessings in disguise"; it's also about opening yourself up to new experiences of yourself.

So, girlfriend, raise your glass to the Bronnie's 22nd birthday. May we all enter this new year – and the obstacles it may bring – with open minds and hearts. Cheers! Here's to changing poison into medicine.








STUMBELBLOC
PRETORIA (PTY) LTD
HOUSES ■ STORE/WORKSHOP ■ BOUNDARY WALLS ■ GARDEN BEDS
Easy Construction Done - HALF THE TIME
NO MORTAR REQUIRED
DIP & PACK
No Lintels Required
THE HOLLOW BLOCK OFFERS THERMAL QUALITIES
We Supply Small or Large Quantities
OUR BLOCKS ARE TESTED AND ARE NHBRC COMPLIANT
@ Stumbelblocpta
www.stumbelbloc-pta.co.za
T: 012 943 4943 C: 061 538 4891
E: admin@stumbelbloc-pta.co.za


BUILD IT BETTER
with these great Spring specials!
LYNNWOOD
9kg Gas (Exchange only)
R299.90
Copper Pipe 15MM x 5.5MT SABS
R330.00 /length
9KG
Gas Refill per kg
R36.90
Timber 50 x 76 6.0M SABS
R159.90 /length
Duram
Wall&Ceiling
Duram Wall & Ceiling White 20L
R919.90
PVC Pipe 110MM U/G SABS YELLOW
R39.90 /M
Timber 38 x 38 6.0M SABS
R57.90 /length
Softboard 10MM x 2440MM x 1220MM
R289.90 each
Africa Tank 2 500LTR
R2 499.90
Board Shutterply 18MM x 1220MM x 2440MM
R669.00 each
VALID FROM 18 SEPTEMBER – 30 SEPTEMBER
Yes We Can!
Tel: 012 809 8923
E-mail: jessica@lynnwoodbuildit.co.za
Shop B East Ridge Building & Design,
Cnr Lynnwood & Boschkop Road, Pretoria
Build it

# KRUIE

Progast

**VERWYDER ONGEWENSTE FEKALE OPHOPING!**

## ONGEREELDE HARDLYWIGHEID

## KOLONREINIGING

### ERVAAR VERLIGTING BINNE 6-12 URE




**WWW.TARA.ORG.ZA**

**S0:** Hierdie produk is 'n Komplementêre Medisyne (Kategorie D33.7); en word volgens sy dissipline as 'n kombinasieproduk geïdentifiseer. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie. Verwys asseblief na die voubiljet.